

Dit is Die Voortrekkers

‘n Inleidende gesprek vir die belangstellende en voornemende lid van die algemene publiek

Die Voortrekkers

D I T I S D I E V O O R T R E K K E R S

INLEIDING

Die Voortrekkers is 'n outonome dinamiese Christelike kultuurbeweging vir die Afrikaner jeug. Dit staan onder leiding van volwasse leiers, met die Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing as grondslag. Omdat kultuur alle menslike handelinge insluit, maak *Die Voortrekkers* vir alle fasette van menswees voorsiening en is die ideaal om gebalanseerde persone daar te stel, gereed vir hulle roeping as Christen(mens), as Afrikaner en as burger van sy land.

In sy wese is *Die Voortrekkers* 'n diensbeweging wat ingestel is op geestelike en nie op materiële waardes nie. *Die Voortrekkers* is nie gekoppel aan 'n bepaalde kerk nie, maar beoefen die gereformeerde godsdiens in die ruimste sin van die woord. *Die Voortrekkers* ondersteun nie 'n bepaalde politieke party nie, maar moedig sy lede aan om goeie landsburgers te wees en hulle staatkundige verpligtinge getrou na te kom. *Die Voortrekkers* is nie 'n semi-militaristiese organisasie wat sy lede vir vertoon monster nie, maar moedig gedissiplineerdheid op alle terreine aan.

Die Voortrekkers gebruik die spanstelsel vir sy werksaamhede. 'n Aantal maats van dieselfde portuurgroep, verkieslik van dieselfde gemeenskap en van dieselfde geslag, vorm 'n span saam met 'n volwassene om die voorgeskrewe werk in gereelde, weeklikse spanbyeenkomste af te handel. Hierdie stelsel bied die geleentheid om mekaar in klein groepies te leer ken en om vrymoedigheid tot deelname te oefen.

DIE NAAM: DIE VOORTREKKERS

Die naam van *Die Voortrekkers* skiet wortel in die verlede. Die historiese Voortrekkers was bekend vir hulle vryheids- en godsdienssin, vir reinheid en stoere krag en was baanbrekers wat die beskawing in die binneland ingedra het. Netso moet die Voortrekkers van vandag dieselfde besieling en verheffende invloed uitdra.

Die naam *Die Voortrekkers* vir hierdie jeugbeweging dui op die geskiedkundige gebondenheid, die roepingsbewustheid en die toekomsgerigtheid wat sy lede wil uitdra.

VISIE EN MISSIE

Die visie van Die Voortrekkers

Die visie of ideaal van *Die Voortrekkers* is:

Om die Afrikanerkind in sy volle menswees toe te rus om sy roeping

binne die Afrikanervolk te vervul.

Die Voortrekkers moet hierdie ideaal met vreugde uitleef en die jeug motiveer tot daadwerklike diens sodat hulle hulle eie tussen ander kan waardeer en uitbou.

Die missie van Die Voortrekkers

Die missie of rede vir die bestaan van *Die Voortrekkers* is:

Jong Afrikaners wat 'n verskil maak.

Die missie van 'n Voortrekkerleier

Om die Afrikanerjeug toe te rus vir hulle diens aan God,
volk en medemens sodat hulle 'n verskil kan maak.

Hierdie missie volg direk uit die voorgaande.

DIE GRONDSLAG EN DIE WESE VAN *DIE VOORTREKKERS*

Inleiding

Grondslag beteken fondament of basis waarop iets rus. Die grondslag en wese vorm saam die basis waarop alles in *Die Voortrekkers* gebou is: die beloftes, die Voortrekkerkode en die doelstellings van *Die Voortrekkers.*

Die grondslag

Die grondslag van Die Voortrekkers is die Woord- en Skeppingsopenbaring van God Drie-enig.

Deur die Bybel en die skepping as die grondslag of fondament te gebruik om God te eer, gee *Die Voortrekkers* te kenne dat alles wat ons doen op die waarhede wat die Here in die Bybel en in die skepping gegee het, gebou is, want dit is die maniere waarop God Hom aan die sondige mens openbaar. In Psalm 19 word dit baie duidelik beskryf, asook in
Romeine 1 :20. Sien ook die nederlandse geloofsbelydenis – artikel 2.

In *Die Voortrekkers* bekyk ons alles deur hierdie bril en dit bepaal ons norme. Ons noem dit die Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Dit is 'n lewenswyse om deur die genade van God, volgens die Woord van God, uit die Christelike geloof en tot eer van God alleen te leef. Dit word ook verwoord in Romeine 11:36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid, tot in ewigheid… ."

Met die grondslag sê *Die Voortrekkers* dus ondubbelsinnig wat hulle uitgangspunt, benaderingshoek, evalueringsbeginsels en -norme is en waarop elke aktiwiteit gemik is.

Die grondslag van *Die Voortrekkers* impliseer dat lidmaatskap van *Die Voortrekkers* beperk is tot Christene (dit wil sê persone wat aan 'n Christelike kerk behoort) en dat lede se opvatting oor hulle medemens, volk, nasie en land bepaal word deur die gebooie van die tweede tafel van die wet.

Die Wese van Die Voortrekkers

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse ~~van~~ tot eer ~~a~~van God en diens aan volk, land en medemens.

Waar die grondslag hom primêr rig tot die vertikale verhouding tussen God en die individuele lid, bepaal die wese wie aan *Die Voortrekkers* kan behoort. Hier gaan dit in die *wese* om die horisontale verhouding tussen die lid en ander mense; om dienslewering aan ander gegrond op ons Christelike opvattings. Hiervoor onderskei ons tussen individue en groepe. By die individu gaan dit om sy naaste te behandel soos hyself behandel wil word en by die groepe gaan dit om lede van dieselfde kultuurgroep (volk) en om lede van dieselfde nasie (landgenote). Alhoewel ons uit die aard van die saak as 'n kultuurbeweging meer aanklank vind by ons volkseie, beklemtoon ons baie duidelik lojaliteit aan, en die nakoming van, ons verpligtinge teenoor ons land en die regering van die dag. Ons wese moedig ons aan om goeie Suid-Afrikaanse burgers te wees.

Die Voortrekkers omskryf die Afrikanervolk se wesenskenmerke wat uitkom in sy volkskarakter as 'n groep mense met:

- 'n eie taal, Afrikaans
- 'n gemeenskaplike kultuurgeskiedenis en tradisie
- die Christelik-Protestantse godsdiens
- *'n* eie kultuur geskoei op die Europese volkskultuur
- 'n betrokkenheid by die mense van Afrika
- 'n bodemgebondenheid aan suidelike Afrika

Soos in enige kultuurgroep is die grense van die Afrikanervolk nie skerp afgebaken nie. Om tot die Afrikanervolk te behoort moet 'n persoon enersyds tuis in die groep voel (hom met die groep vereenselwig) en andersyds deur die groep as een van hom beskou word (aanvaarding deur die groep). Die blote feit dat jou ouers Afrikaners is, maak nog nie van jou 'n Afrikaner nie. Jy is eers

regtig 'n Afrikaner wanneer jy vir jouself sê: "Ek is 'n Afrikaner" en jou optrede laat die Afrikaners rondom jou sê: "Hy is 'n Afrikaner".
Die wese sê wat *Die Voortrekkers* is, maar dit sê ook wat ons nie is nie: ons is nie 'n ontspanningsvereniging of 'n buitelugklub of 'n godsdienstige vereniging of die jeuggroep van 'n politieke organisasie nie. *Die Voortrekkers* is ook nie 'n algemene jeugbeweging vir al die kinders in ons land nie; dit is spesifiek vir lede van die Afrikanervolk bedoel. Gevolglik word net Afrikaner kultuur bevorder sodat mense uit ander kultuurgroepe in ons land hulle baie ontuis by *Die Voortrekkers s*al voel. 'n Engelssprekende persoon kan ook byvoorbeeld nie lid word en dan verwag dat daar darem af en toe Engels gepraat moet word nie.

Dit beteken egter aan die ander kant nie dat ons niks met die ander kultuurgroepe se kinders te doen wil hê of hulle kultuur minag nie. Ons is ook Suid-Afrikaners wat saam met die ander kultuurgroepe veg om ons land te verdedig, saam ons land se sportmanne ondersteun, saam strewe na vrede en saam werk vir die voorspoed in Suid-Afrika. Daarom werk *Die Voortrekkers* saam met ander nie-partypolitieke jeugbewegings soos die Landsdiens, die Scouting Organisation en die Girl Guides. As Engelssprekende mense ons as ons gaste besoek, dan heet ons hulle in Engels welkom omdat ons hoflik en wellewend is.

Die wese bepaal ons verhouding tot alle mense. Daarom verbied dit ons geensins om deel te neem aan funksies waarby ander groepe van die gemeenskap betrokke is wat nie ons doelstellings onderskryf nie, maar dit sê iets oor menseverhoudings en die manier waarop ons ons moet gedra.

Die laaste deel van die wese (eer aan God en diens aan volk, land en medemens) is die wesentlike kern van *Die Voortrekkers.* Dit word by die belofte in detail bespreek.

Uitgaande van die grondslag en wese kan godsdiens in *Die Voortrekkers* bedryf word, asook staatkunde, maar nie die verkondiging van dogma en die beoefening van partypolitiek nie. Daarom kan lede van al die politieke partye by *Die Voortrekkers* aansluit, met die uitdruklike verstandhouding dat hulle nie hulle partypolitieke oortuigings aan *Die Voortrekkers* mag opdring nie.

Menseverhoudings

Suid-Afrika word bewoon deur mense met verskillende kulture en tale. Ons optrede teenoor hulle word bepaal deur ons grondslag en belofte, met ander woorde, ons verhouding tot ander mense met wie ons in aanraking kom (ons naaste) word bepaal deur ons geloof:

- Eerbiedig die persoon van jou naaste; bewys aan hom liefde en woon in vrede saam.
- Moenie jou naaste krenk nie.
- Tree teenoor hom met eerbied en respek op sodat hy jou ook kan eer en respekteer.
- *J*ou optrede bepaal wat ander persone van die Afrikaner dink.
- *J*ou houding teenoor ander persone moenie bepaal word deur die manier waarop hulle jou beïnvloed nie.
- *J*y moet altyd die hoogste standaarde van eerbaarheid nastreef.
- *J*ou verhouding teenoor ander moet gebaseer wees op onderlinge vertroue.
- Wanneer jy met ander persone te doen het, moet jy kennis inwin van hulle aspirasies en ideale en daardie kennis toepas.
- Om goeie verhoudings met ander na te streef beteken nie om jou eie te verloën nie. Slegs as jy jou eie liefhet en waardeer, kan jy ander ook waardeer.
- Eerbiedig die grense wat God gestel het.

DIE VOORTREKKERKODE EN –DOELSTELLINGS

Inleiding

Volgens die Woordeboek beteken *doelstellings* dit wat beoog word of as doel nagestreef word en is 'n *kode* die reëls waartoe die lede van 'n bepaalde vereniging ooreengekom het.

Die Voortrekkerkode

Die kode of reëls wat deur die lede van hierdie beweging erken word, impliseer dat almal in *Die Voortrekkers* volgens dieselfde kode leef en dat alles wat ons in *Die Voortrekkers* doen, rondom hierdie kode draai. Dit bepaal jou optrede teenoor ander mense en teenoor God. 'n Suksesvolle Voortrekker moet hierdie kode sy leefwyse maak.

Elke lid moet daarna strewe om die Voortrekkerkode uit te leef. Hierdie kode is 'n samevatting van die Voortrekkerdoelstellings in 'n bewoording wat vir die jonger jeuglede verstaanbaar is.

Die kode lui soos volg:

1 *'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.*
2 *'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.*
3 *'n Voortrekker aanvaar gesag.*
4 *'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.*
5 *'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.*
6 *'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.*
7 *'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.*
8 *'n Voortrekker neem leiding.*
9 *'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.*
10 *'n Voortrekker is diensvaardig.*

Die betekenis van elke stelling van die kode kan soos volg opgesom word:

'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.

'n Voortrekker bely op grond van die Bybel dat alles uit God, deur God en tot God is. Ons leer volgens hierdie evangelie dat alles deur Sy krag en Sy genade is. Uit dankbaarheid wil ons elke dag werk om Sy koninkryk te laat kom.

'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe

Die Bybel is die riglyn van elke Voortrekker. Dit is die maatstaf waaraan ons elkeen ons leefwyse meet en dit bepaal ons optrede in elke situasie en sluit kwaliteite soos eerbaarheid, reinheid, gehoorsaamheid, eerbiedigheid, hulpvaardigheid en hoflikheid in. Ons strewe daarna om die voorbeeld van Christus na te volg.

'n Voortrekker aanvaar gesag

Dit beteken dat jy jou eie wense op die agtergrond skuif en bereid is om jou te onderwerp aan dissipline. Die rede hiervoor vloei uit ons Christelike leefwyse voort. 'n Voortrekker het eerbied vir gesag omdat ons aanvaar dat alle gesag van God kom en dat gesagsdraers gesag moet beoefen wat aan die Christelike norme voldoen.

'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.

Kultuur is die dinge waaraan 'n volk geken word. Dit sluit alles in wat die mense van die volk skep: kuns, musiek, vermaak, huise, paaie, damme of boerdery. Van al hierdie dinge is 'n volk se taal baie belangrik want dit onderskei die volk dadelik van ander mense. Omdat ons trots is op ons taal en kultuur, het ons ook waardering en respek vir die taal en kultuur van die ander volke in ons land, sonder om ons eie identiteit prys te gee.

'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop

'n Voortrekker kyk altyd vorentoe na die toekoms. Om vir die toekoms te beplan, moet 'n mens die foute van die verlede vermy en die goeie dinge steeds probeer behou. Daarom moet ons die geskiedenis van ons volk in hierdie land goed ken sodat ons al die redes vir die besluite van ons

voorvaders kan verstaan. Verder kan ons net 'n waardering vir ons voorouers en 'n trots as Afrikaners kweek as ons die verlede ken.

'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing

Die mens het 'n Bybelse opdrag ontvang om oor die natuur en die diere te heers (Genesis 1 :28). Dit beteken dat ons dit moet leer ken, die wonders van die skepping moet ondersoek en dit benut tot voordeel van die mens sonder om die natuur te vernietig. Mens en natuur moet saam die pad van vooruitgang loop. Die een moet nie ten koste van die ander afgebreek word nie. Indien die omgewing verniel word en deur tegnologie geïgnoreer word, is die mens en die natuur die lydende partye.

'n Voortrekker is 'n goeie lands burger

Ons Afrikaners is ook Suid-Afrikaners, want ons is burgers van die Republiek van Suid- Afrika. Saam met die ander burgers van ons land is ons bereid om ons land te verdedig teen enigeen wat dit met woorde of wapens aanval. Ons wil help om ons land te bestuur, te benut en te ontwikkel sodat dit met al die mense in ons land goed kan gaan.

'n Voortrekker neem leiding

'n Voortrekker mag in tye van nood en teenspoed nie onbetrokke eenkant staan nie. Hy moet altyd bereid wees om sy deel te doen, selfs al verg dit moed en deursettingsvermoë of dat dit ten koste van eie gerief gebeur. Hy moet te enige tyd reg wees om voor te vat wanneer dit nodig is, maar ook om leiding van ander te aanvaar.

'n Voortrekker is oplettend en weerbaar

Jy moet dinge rondom jou raaksien, of dit nou besoedeling van die omgewing is of behoeftes van 'n medemens of geleenthede vir jouself of wat ook al. Jy moet geleenthede ten beste benut of gevare raaksien en doelmatig afweer. Jy moet sterk staan teen verkeerde invloede en dade soos byvoorbeeld om met dwelms en sterk drank te eksperimenteer. Jy moet jouself kan verdedig teen geestelike en liggaamlike aanvalle ter wille van oorlewing.

'n Voortrekker is diensvaardig

Jy moet bereid wees om jou hand uit te steek om jou naaste te help, nie net wanneer dit jou pas nie, maar wanneer jou naaste dit nodig het. Hierdie diensvaardigheid sluit fisiese diens sowel as geestelike onderskraging in. Dit is 'n opdrag wat Jesus Christus self vir al sy volgelinge gegee het. Daarom moet jy dit met vreugde doen, want daardeur betoon jy jou dankbaarheid oor alles wat God vir jou doen.

Elke Voortrekker moet hierdie kode elke dag van sy lewe probeer toepas. Aan die begin sal dit nie maklik wees nie, maar soos 'n mens ouer word en *Die Voortrekkers* jou daarmee help, sal jy meer insig daaroor kry .

Die Voortrekkerdoelstellings

Inleiding

Die doelstellings van *Die Voortrekkers* is gebaseer op sy grondslag en wese, met ander woorde die begrippe daarin word in die doelstellings in groter detail uitgebou.

Die grondslag word uitgebou na:
- Geloof en godsdiens
- Die toepassing van die geloof in die Christelike lewe.

Die wese word uitgebou na:
- Kultuurdiens
- Volksdiens
- Landsdiens
- Naastediens

Die Voortrekkerkode is 'n vereenvoudigde formulering van die doelstellings en bevat 10 kodes om die inhoud van die 7 doelstellings te beskryf:

- Geloof
- Christelike lewenswyse
- Gesagsaanvaarding
- Volksgeskiedenis
- Kultuur
- Bodembewaring
- Burgerskap
- Leierskap
- Weerbaarheid
- Diensvaardigheid

Die geloof in die Drie-enige God is 'n voorvereiste om die doelstellings (kode) te kan naleef.

Doelstelling 1

Om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit dié geloof voortspruit, uit te leef.

Geloof dui jou verhouding tot God aan. Dit is 'n bepaalde lewenshouding.

Geloof in die Drie-enige God is die geloof wat gegrond is op die openbaring in die Bybel en wat saamgevat is in die belydenisskrifte van ons kerke.

Godsdiens is die wyse waarop ons met ons lewe uitdrukking gee aan ons geloof. Dit is 'n lewenswyse.

By *Die Voortrekkers* val die klem op godsdiens, want dit is 'n kulturele beweging en nie 'n kerk nie. Ons wil ons kultuur so handhaaf dat dit gevorm is deur, en berus op ons Christelike geloof.

Die geloof en godsdiens moet uitgeleef word sodat dit 'n onafskeidbare deel van ons lewensuitkyk word.

Geloof is 'n basiese vereiste wat aan 'n Voortrekker gestel word om die Voortrekkerdoelstellings (of kode) te kan naleef.

Doelstelling 2

Om gesag te aanvaar en die deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels-Christelike lewe.

Gesagsaanvaarding is onderwerping aan dissipline, naamlik dit wat gegrond is op die Christelike geloof en godsdiens. Omdat alle gesag van God af kom en ons Hom gehoorsaam, aanvaar ons die gesagstruktuur van die samelewing.

Dissipline in *Die Voortrekkers* is bedoel om die beskermende aard van die gesagstruktuur in die menslike samelewing te ken en te waardeer.

Die *deugde* waarvan sprake is, is om in die Christelike geloof te volhard. Alles wat ons doen word deur die geloof bepaal.

Doelstelling 3

Om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar.

Kultuur is die somtotaal van alle menslike handelinge: God skep, maar die mens beoefen kultuur, byvoorbeeld wynbou, tuine, literatuur, kuns, godsdiens.

Kultuur kan aan God gehoorsaam of ongehoorsaam wees. Kultuur is nie net die verheffende geestelike waardes nie, maar ook die plat, alledaagse.

Kultuur kom in verskillende vorme voor:

- Internasionale kultuur
  Dit is die gemeenskaplike dinge wat alle mense doen.

- Afrikanerkultuur
  Dit is die besondere dade wat eie is aan die Afrikaner. Dit is die persoonlikheid van die volk waaraan hy geken word: sy lewensbeskouing, leefwyse, kuns, vermaak, spel en arbeid.

- Voortrekkerkultuur
  Dit is die dade wat eie is aan *Die Voortrekkers.*
  Die Voortrekkers beoefen kultuur vanuit die Bybels-Christelike grondslag. Beoefening van die Afrikanerkultuur kan dus nooit in stryd met ons geloof en godsdiens wees nie, ook nie met ons verhouding tot ons medemens nie.

Afrikanerkultuur word beoefen:

- Om dit aan die jeug oor te dra
- Om daaraan te bou en te verryk.

Tradisie kan gesien word as die kultuur van die verlede wat behoue gebly het en wat uit kultuurhistoriese perspektief eie is aan die bepaalde groep.

Doelstelling 4

Om uit die verlede van die Afrikanervolk te neem dit wat goed is en daarop te bou vir die toekoms.

a Algemeen

Hierdie gevleuelde woorde kom uit die laaste boodskap van president Kruger aan sy volk.

Die Voortrekkers is toekomsgerig. Ons geskiedenis is die pad wat van gister af na môre toe loop. In die verlede lê die wording van ons volk. Môre se koers kom uit gister, maar net as gister se koers reg was.

Die doelstelling sê dus dat 'n mens twee dinge in die verlede van ons yolk moet raaksien: die goeie en die slegte. Om werklik die beste uit die verlede te haal moet die foute wat in die verlede gemaak is in die toekoms vermy word. Verder moet dit wat in die verlede goed was gebruik word as die grondslag vir optrede in die toekoms.

b Volkstrots

Ras is 'n biologiese begrip; byvoorbeeld blanke wat onder andere bepaal word deur velkleur, vorm van gesig en hare.

Volk is 'n kultuurbegrip; byvoorbeeld Afrikaner.

Nasie is 'n staatkundige begrip; byvoorbeeld Suid-Afrikaner.

Hierdie begrippe is nie noodwendig uitsluitend nie, byvoorbeeld volk en nasie.

Volkstrots is die nugter en gebalanseerde liefde en waardering vir jou volk wat jou dankbaar maak dat jy 'n Afrikaner is. Dit beteken nie dat jy jou oë sluit vir jou eie en jou volk se gebreke en net na die hoogtepunte in jou geskiedenis wil terugkyk nie. Dit staan altyd onder die bepaling van die grondslag, naamlik dat jou verhouding tot God jou verhouding tot jou volk beheers.

Netso dui die term *nasietrots* jou liefde vir jou nasie aan. Die twee terme moenie deurmekaar gebruik word nie.

'n Voortrekker moet sy volkstrots uitleef vanuit die grondslag en wese. Dit is die nasionale getemper deur die Christelike. Daarom mag volkstrots nooit in oordrewe patriotisme verval nie.

c *Feesdae*

Ons het in die verlede bederf geraak deurdat ons net feesdae herdenk het wanneer dit openbare vakansiedae was. Met die nuwe bedeling is dit nie meer die geval nie en ons sal nou ook ons feesdae moet vier sonder dat die dae noodwendig openbare vakansiedae is.

Ons kan ons feesdae soos hieronder indeel. Die feesdae tussen vierkantige hakies is nie meer openbare vakansiedae nie.

- **Godsdienstig–kerklike feesdae:** Goeie Vrydag, (Hemelvaartsdag), Kersfees (25 Desember) ? Feesdae van die Afrikaner (volksfeeste): [Krugerdag (10 Oktober)], Geloftedag wat nou as Versoeningsdag bekend staan (16 Desember)
- **Nasionale feesdae:** Menseregtedag (21 Maart), [Stigtingsdag (6 April)], Vryheidsdag (27 April), Werkersdag (1 Mei), [Republiekdag (31 Mei)] Jeugdag (16 Junie), Nasionale vrouedag (9 Augustus), Erfenisdag (24 September),
- **Ander feesdae:** Nuwejaarsdag (1 Januarie), Gesinsdag (Ou paasmaandag), Welwillendheidsdag (Ou tweede kersdag).

Voortrekkers moet veral die volksfeeste bywoon om dankbaarheid te betoon aan die helde van weleer en om die Afrikanerkultuur uit te bou. Volksfeeste is nie 'n platform wat vir politici geskep is om aan 'n volk rekenskap te gee van sy kulturele strewe nie. Op volksfeeste kan enige aspek van die Afrikanerkultuur aangeroer word.

d Helde

'n Persoon word as held beskou as gevolg van 'n eenmalige dapper optrede waartydens hy sy lewe op die spel geplaas het; of op grond van 'n tydperk van besondere diens en prestasies in belang van land/volk/nasie. 'n Persoon hoef nie noodwendig 'n lid van 'n bepaalde volk of nasie te wees om vir die groep 'n held te wees nie.

Ons onderskei tussen volkshelde en nasionale helde. Eersgenoemdes se diens was in belang van die volk en laasgenoemde in belang van die nasie. Byvoorbeeld volkshelde: De Wet en Langenhoven; Nasionale helde: politici, sporthelde.

Nasionale helde kan ook volkshelde wees soos 'n Afrikaner-politikus wat in sy dienstyd besondere diens in belang van die Afrikanervolk gedoen het.

Ons vereer die helde uit dankbaarheid dat God hulle gelei het om die bepaalde daad te doen. Dit gaan hoegenaamd nie om mensverheerliking nie.

e Historiese plekke

Daar is geboue en monumente in Suid-Afrika opgerig om die herinnering aan die geskiedenis te bewaar, byvoorbeeld standbeelde van Da Gama en Diaz, replikas van Diaz-kruise, Pos–kantoorboom, Kasteel, standbeeld van Van Riebeeck, Groot Constantia, huis van Marie Koopmans-De Wet, Hugenotemonument, Bloedriviermonument, Voortrekkermonumente te Pretoria en Winburg, Vrouemonument, Paardekraalmonument, Vrede van Vereeniging- monument, Taalmonumente.

Doelstelling 5

Om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar.

Die omgewing is ook die ruimte waarin ons kultuur ontplooi het, naamlik Suid-Afrika.

Ek het dit lief. Daarom moet ek dit:
- Bewoon
- Ontwikkel (veral die natuurlike hulpbronne) en
- Bewaar

Daar moet 'n balans gevind word tussen ontwikkeling en bewaring. Die een kan nie ten koste van die ander geskied nie.

***Doelstelling* 6**

Om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel.

a Burgerskap
Burgerskap is uitlewing van die Christelik-nasionale lewens-en wêreldbeskouing.

Jou verantwoordelikheid spruit voort uit jou Christelike opvattings.

Goeie burgerskap sluit onder andere in dat jy landswette gehoorsaam. Hieronder word ook ingesluit verkeersregulasies en die betaling van belasting.

Die basiese handeling van burgerskap is stemreg. Dit is 'n taak wat met verantwoordelikheid uitgevoer moet word.

b Leierskap
*Die Voortrekkers b*ied geleentheid om leiding te neem.

'n Goeie leier moet ook kan volg.

Elke persoon het sy beperkings en moet dit besef. Niemand is outomaties 'n leier op alle ge- biede nie. Die gesonde teorie is die van situasie-leier; dit wil sê dat elke persoon leiding moet neem in daardie situasie waarvoor hy toegerus is.

Doelstelling 7

Om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel.

a Gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud
Dit moet lei tot selfhandhawing in enige situasie. Die doel mag egter nie selfhandhawing op sigself wees nie, maar selfhandhawing om jou Godgegewe roeping te kan uitvoer.

b Diensvaardigheid
Diensvaardigheid is gegrond op:
- Die Bybel en veral die Wet van die Here
- Doelstellings 2 en 7
- Die verkennerbelofte

Jy doen diens omdat:
- Dit 'n openbaring van die Christelike lewe is
- Jy tot naastediens geroep is
- Jy tot volksdiens geroep is
- Jy jou land liefhet

- Dit aan jou en jou spanlede onderlinge plesier verskaf en julle nader aan mekaar bring.
- Elke Voortrekkerbelofte jou gewete bind en jy 'n persoonlike verantwoordelikheid het om jou belofte na te kom
- Dit ook spel, pret en plesier kan wees .
- Dit die toets is vir die uitlewing van jou Voortrekkerskap

Daar bestaan talryke geleenthede vir diens op baie vlakke: byvoorbeeld die huis, die kerk, die skool, in die gemeenskap, vir land en volk. Dit impliseer dat 'n Voortrekker geleenthede moet soek om diens te kan lewer.

Diensverlening moet tot voordeel van ander mense wees. Dit mag nooit net vir jou eie belang wees nie. Die diens moet sonder vergoeding geskied. *Die Voortrekkers* is in die sin 'n diensorganisasie, maar nie in die humanistiese sin nie. Dit moet 'n tweede natuur word om geleenthede vir diens raak te sien en sodoende jou Voortrekkerdoelstellings uit te lewe. Alle vorms van geldinsameling moet geskied op 'n wyse wat met jou Christenskap versoenbaar is.

Voortrekkers lewer diens aan Welsynsorganisasies omdat Welsynsorganisasies ook diens aan die gemeenskap lewer. Welsynsorganisasies het 'n geregistreerde nommer wat aandui dat hulle aan sekere vereistes voldoen. Daarbenewens het hulle ook 'n fondsinsamelingsnommer wat hulle die geleentheid bied om geld in te samel. Onopgeleide persone help om die taak van die vakkundiges te verlig. Suid-Afrika is nie 'n welsynstaat nie. Welsynsdienste word deur die gemeenskap vir die gemeenskap gelewer. Welsynsorganisasies word op vrywillige basis georganiseer en deur die Staat gesubsidieer.

Welsynsorganisasies vertoon 'n ooreenkoms met doelstellings 2 en 7. Hulle werk ook soos *Die Voortrekkers* met vrywilligers.

Slot

Die *inhoud van* Die *Voortrekkers* se doelstellings is dieselfde as die kode. Die verskille lê daarin dat die doelstellings in sewe artikels neergeskryf is en die kode in tien en dat die taal van die kode meer verstaanbaar is vir jonger jeuglede.

Wanneer 'n mens goed na die grondslag, die wese, die kode en die doelstellings kyk, dan sien 'n mens dat daarin drie sake voorkom:

Afrikanerskap:	'n Kultuurbeweging vir die Afrikanervolk; diens aan die volk
Burgerskap:	Diens aan die land en die medemens.
Christenskap:	'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing; eer aan God.

Ons noem dit kortweg die ABC van *Die* Voortrekkers. *Die Voortrekkers* is die enigste jeugbeweging in Suid-Afrika wat aldrie hierdie aspekte van 'n mens se lewe gelyktydig en gebalanseerd aanbied. As die een aspek ten koste van die ander afgeskeep of oorbeklemtoon word, lei dit tot wanbegrippe van wat *Die Voortrekkers* wil probeer bereik. Ons is tegelykertyd Christene, Afrikaners en Suid-Afrikaners, volledig toegerus om ons roeping te vervul.

LIDMAATSKAP EN BELOFTES

Lidmaatskap

Lidmaatskap van *Die Voortrekkers* is oop vir enige persoon wat voldoen aan *al* die vereistes wat die grondwet en reglemente van Die Voortrekkers stel. Dit kom neer op vereenselwiging met die Afrikanervolk soos *Die Voortrekkers* dit omskryf en deur wedersydse aanvaarding.

Beloftes in Die Voortrekkers

Die Voortrekkers het vyf beloftes, naamlik vir penkoppe en drawwertjies, vir verkenners, vir staatmakers, vir offisiere en vir heemraadslede. Die basiese gedeelte van die beloftes is dieselfde vir almal, maar geskryf in woorde wat vir die betrokke groep aanvaarbaar is.

Die penkop/drawwertjie-belofte

Die penkop/drawwertjie-belofte lui:

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,
om gehoorsaam te wees,
om my volk, my land en my medemens te dien
en bo alles die Here lief te hê.

Ek sal oral en altyd probeer

Hiermee erken die penkop/drawwertjie as mens dat hy/sy sal probeer om die res van die belofte na te kom. Daarmee word erken dat die mens die genade van die Here nodig het om dit te kan doen en nie uit eie krag kan slaag nie. Dit word erken dat die belofte te alle tye en op alle plekke sal geld en dat dit 'n leefwyse moet word.

om 'n Voortrekker te wees

Die woord Voortrekker verwys hier na die optrede wat vir 'n Voortrekkker as Christen ten doel gestel word. Dit sluit al die waardes van betroubaarheid, reinheid, hulpvaardigheid, vriendelikheid, hoflikheid en opgeruimdheid in.

om gehoorsaam te wees

Hiermee erken die penkop/drawwertjie sy/haar gehoorsaamheid teenoor God en ook teenoor almal wat Hy oor ons gestel het. Dit sluit onder andere ons ouers, onderwysers, leiers en die owerheid in. Dit word aanvaar dat hulle sal optree in ooreenstemming met die voorreg en verantwoordelikheid van die gesag wat God aan hulle gegee het.

om my volk (te dien)

Die penkop/drawwertjie belowe dat hy/sy diegene wat deel vorm van sy/haar kultuurgroep (mede-Afrikaners) en alles wat eie is aan hulle soos geskiedenis, goeie gewoontes, taal, ens. sal koester en hulle belange bevorder sonder om selfsugtig en afbrekend te wees teenoor ander buite die groep.

om my land (te dien)

Hiermee belowe die penkop/drawwertjie dat hy/sy sy/haar land en alles wat deel daarvan vorm (die natuur, wat die plante, diere en grond insluit) en ander inwoners sal bewaar en beskerm.

en my medemens te dien

Die penkop/drawwertjie se medemens is die mense naby hom, dit wil sê die mense wat aan dieselfde volk as hy/sy behoort, dieselfde geloof, dieselfde taal, geskiedenis en kultuur deel asook ander mense met wie hy/sy in aanraking kom. Die Bybel leer ons liefde tot die naaste. Daarom kan ons van diens wees vir alle mense.

en bo alles die Here liefte hê

Alles wat die penkop/drawwertjie belowe is onderworpe aan die erkenning van eerbied teenoor en volle geloof in die Here, die Drie-enige God wat almagtig is en die penkop/ drawwertjie in die nakoming van hierdie belofte sal ondersteun.

Die verkennerbelofte

Voordat 'n kind in die kerk gedoop word, lê die ouers voor die hele gemeente 'n belofte af. As 'n man en 'n vrou besluit om te trou, moet albei voor getuies 'n belofte aflê en dit met hulle handtekeninge bekragtig. Hierdie beloftes is bindend vir die res van die ouers of die huwelikspaar se lewens. Netso verwag *Die Voortrekkers* van elke verkenner om 'n bindende belofte voor getuies af te lê en dit te onderteken.

Hierdie belofte is:

Op my eer beloof ek dat ek sal strewe om* God *te eer,
om my volk, my land en my medemens te dien en
om die Voortrekkerkode na te leef.

Dit is maklik om die paar woorde gou op te sê en jou handtekening daaronder te plaas, maar dit is 'n ander saak om jou woord dag na dag gestand te doen. Laat ons na elke frase in hierdie belofte kyk sodat jy doodseker kan wees dat jy bereid is om dit vir die res van jou lewe te doen:

Op my eer beloof ek

Jy gee jou erewoord. Dit beteken dat jy jou goeie naam en reputasie op die spel plaas. Die manier waarop jy die belofte gaan nakom, sal wys wat jou eer regtig werd is.

dat ek sal strewe

Dit beteken dat jy aanhoudend sal probeer. Ons weet ons is swak en feilbaar en sal partykeer tekort skiet, maar as dit gebeur, sal ons weer probeer.

om God te eer

Ons liefde vir ander mense, vir ons volk en ons land, is net reg as dit berus op ons liefde tot God, want ons verhouding tot God bepaal alles wat ons teenoor ander mense en dinge voel en doen. Jou verhouding tot God is om in geloof Hom te gehoorsaam, Hom te dien en Sy lof te besing elke dag van jou lewe. Al hierdie dinge wat ons aan God verskuldig is, word saamgevat in die woord "eer".

om my volk (te dien)

Jy behoort aan 'n unieke volk wat sy eie taal en kultuur in Afrika ontwikkel het. As 'n groep tussen baie ander kulture, het die Afrikaners 'n groot bydrae tot ons land gelewer en 'n lewensstyl vir hulself geskep waarin jy tuis en gelukkig voel. Daarom moet jy op jou beurt help om die Afrikaner kultuur uit te bou deur byvoorbeeld Afrikaans suiwer te skryf en te praat.

om my land (te dien)

As 'n burger van die Republiek van Suid-Afrika is dit jou plig om die bodem te bewaar, so ook wanneer die Verkenner as burger van Namibië optree, die hulpbronne op die voordeligste manier te gebruik, nuwe idees vir werkgeleenthede te ontwikkel en die grondgebied teen aanvalle van buite te verdedig. Die wyse waarop jy lewe en jou dagtaak uitvoer, is ook 'n deel van die diens wat jy aan ons land lewer.

om my medemens te dien

Jou medemens is enige mens wat jy teëkom in jou alledaagse lewe. Jy moet so 'n persoon se behoefte raaksien en 'n helpende hand uitsteek. Dit is 'n direkte bevel in die Bybel wat 'n Christen nie mag ignoreer nie (Johannes 15:12).

om die Voortrekkerkode na te leef

Dit beteken dat jy self elke dag sal probeer om die Voortrekkerkode in jou lewe waar te maak: by die huis, by jou maats, in die skool en op die sportveld.

‘n Verkenner moet hierdie belofte woord vir woord ken en die inhoud daarvan verstaan. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op elke Verkenner en sal 'n groot mate van selfdissipline verg. Niemand dwing ‘n Verkenner om hierdie belofte af te lê nie; hy/sy moet self besluit of hy/sy daarmee saamstem en of hy/sy daarvoor kans sien. Dit is 'n besluit wat ‘n Verkenner nie ligtelik moet neem nie. ‘n Verkenner moet dit met sy ouers bespreek en daaroor bid. As ‘n Verkenner se woord van eer enigiets beteken, gaan die aflegging van hierdie belofte sy/haar hele lewe verander.

As jy as Verkenner bereid is om hierdie belofte af te lê, gaan jy saam met duisende Verkenners 'n aktiewe en opwindende lewe tegemoet: 'n lewe wat jou reguit gaan laat koers hou volgens vaste beginsels. Gaan kyk maar hoe die hoofleierswagte lyk wat hierdie pad reeds gestap het en stel jou ideaal dat jy selfs nog beter as hulle gaan slaag om die verkennerbelofte in jou lewe waar te maak.

Die staatmakerbelofte

Hierdie belofte lui:

Ek beloof dat ek sal strewe
om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens.
Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag en wese van Die Voortrekkers en onderneem om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

Hierdie belofte is basies dieselfde as die verkennerbelofte.

Die offisiersbelofte

Hierdie belofte lui:

Ek beloof dat ek sal strewe
om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens.
Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, die wese en die doelstellings van Die Voortrekkers en onderneem om dit aan die jeug oor te dra.

Die eerste gedeelte van die belofte is dieselfde as die vorige beloftes. Hierby kom die onderneming om die werk wat van die offisier verwag word te doen.

Die belofte vir heemraadslede

Hierdie belofte lui:

Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, die wese en die doelstellings van Die Voortrekkers.
Ek beloof om alles in my vermoë te doen om Die Voortrekkers in my omgewing met raad en daad te ondersteun en
om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

Die eerste gedeelte van die belofte is dieselfde as die vorige beloftes. Die tweede deel sluit aan by die taak van 'n heemraadslid.

GESKIEDENIS VAN DIE VOORTREKKERS

Ons onderskei verskillende fases in die geskiedenis van *Die Voortrekkers.*

Voorgeskiedenis

Dr CF Visser beplan reeds in 1913 die stigting van 'n Afrikaanse jeugbeweging. Die eerste kommando word in 1920 in Bloemfontein gestig by die Sentrale Hoërskool. Dr Japie Heese stig in 1923 'n kommando op Graaff -Reinet en mnr De Wet Laubscher stig 'n kommando in 1923 te Nieuwoudtville.

Gedurende hierdie tyd vind daar ook onderhandelings met die Boy Scouts plaas om die Afrikanerjeug in dieselfde beweging te akkommodeer. Dit misluk weens die volgende probleme:

- Die vlag (Union Jack vs Unievlag)
- Belofte (Trou aan Britse koning)
- Amptelike taal (Engels)
- Maatskaplike integrasie tussen swart en blank.

Stigting: 30 September 1931

- Plek: Ou Raadsaal, Bloemfontein
- Hoofspreker: Genl. JBM Hertzog (Eerste minister)

Simbole van Die Voortrekkers

- Naam: Voorstel vir naam - Dr CF Visser
- Voortrekkervlag: Voorstel vir vlag en eerste vlag self gemaak – Me MM Jansen
- Voortrekkerwapen: Idees vir wapen - Prof B Taute
- Leuse: Voorgestel - Dr NJ van der Merwe

Eerste fase: Grondlegging

Die stigters van *Die Voortrekkers h*et mooi ideale gehad en dit tot uitvoer gebring. Hoogtepunte wat gedurende die tyd plaasgevind het was:

- 1938: Landwye fakkelloop met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember.
- 1949: Dienslaer by inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember.
- 1952: Deelname aan Van Riebeeckfees op 6 April.
- 1961: Deelname aan Republiekwording en inhuldiging van eerste Staatspresident op 31 Mei.
- 1966: Deelname aan eerste landwye Republiekfees; Staatspresident oorhandig balkies aan eerste President Verkenners.

Tweede fase: Stagnasie

Namate die stigters en ander kampvegters vir die ideale ouer geword het en oorlede is, moes 'n nuwe geslag die leisels oorneem. Hulle was nie almal begeester met dieselfde ideale nie en die Afrikaner het nou meer selfstandig geword. Daarbenewens is die voorgeskrewe werk nie aangepas om by die tydsgewrig aan te pas nie. Die gevolg is dat daar stagnasie ingetree het.

Die hoofbestuur het toe 'n indringende ondersoek gelas om die behoeftes van die kind te bepaal om nuwe vereistes daar te stel.

Derde fase: Reglementering

Hierdie ondersoek en aanbevelings het tydens die 1974-kongres beslag gekry. Omdat daar nie oral konsekwentheid was nie, het die nuwe grondwet en reglemente probeer om alle dinge te reglementeer en alle Voortrekkers moes hulle daaraan onderwerp. Dit het nuwe stukrag en lewensvatbaarheid tot gevolg gehad.

Landswye aktiwiteite wat in hierdie tyd plaasgevind het was die inwyding van die nuwe Bloedriviermonument, taalfeeste en inwyding van die Taalmonument te Paarl (14 Augustus 1983). 'n Landwye kamp by die Voortrekkermonument ter herdenking van die Groot Trek 150 jaar gelede het in 1988 plaasgevind.

Vierde fase: Volwassenheid

In 1993 het *Die Voortrekkers* weereens 'n nuwe grondwet gekry om aan te pas by die tyd. Nou is die klem meer op die gees as die letter van die wet geplaas om in pas te kom met die omstandighede waarbinne *Voortrekkers* hulself vandag bevind.

Hoofleiers tot op hede

Dr NJ van der Merwe 1931 -1940
Dr CF Visser (Vader) 1940 -1959
Dr J de V Heese 1959 -1965
Mnr JFP Badenhorst 1966 -1981
Mnr BH Badenhorst 10 -15 Julie 1981
Prof CWH Boshoff 1981 -1989
Ds JPL van der Walt 1989 –1997
Prof TP Dreyer 1997-2001
Prof P Strauss 2001-

Hoofbeskermhere
Graaf van Clarendon
Sir Patric Duncan
Dr EG Jansen
Staatspresident CR Swart
Staatspresident M Viljoen
Staatspresident PW Botha
Staatspresident FW de Klerk

Hoofbeskermvroue
Mev MM Jansen
Mev E Verwoerd

ORGANISASIE

Kommando

'n *Span* is 'n groep maats wat in dieselfde dinge belangstel en dieselfde ideale het wat onder leiding van 'n offisier vergader.

'n *Veldkornetskap* is spanne van penkoppe of drawwertjies of verkennerseuns of verkennerdogters of staatmakergroepe saamgegroepeer.

'n *Kommando* bestaan uit twee of meer veldkornetskappe (staatmakers uitgesonderd).

Die *kommandodagbestuur* neem die leiding in die kommando en bestaan uit die kommandoleier, een of meer adjunkkommandoleiers, die adjunkkommandoleier [administrasie] en/of die adjunkkomrnandoleier [finansies].

Die *offisiersraad* is 'n vergadering van al die offisiere in die kommando onder leiding van die kommandodagbestuur .

Die **kommandobestuur** bestaan uit die offisiersraad, die heemraadslede en die groepleier van die staatmakers, dit wil sê uit die kommandodagbestuur, die veldkornette, die spanoffisiere en die heemraadslede.

Die *jaarvergadering, wat die hoogste gesag in die kommando is,* bestaan uit die offisiere, die staatmakers en die ouers van die jeuglede (maar nie die heemraadslede nie).

Die *verkennerraad* bestaan uit die spanleiers en die adjunkspanleiers. (Die hoofspanleier word verkies uit die geledere van die verkenners en/of penkoppe/drawwertjies)

Die *staatmakerraad* bestaan uit die groepleiers en adjunkgroepleiers. 'n Hoofgroepleier word net verkies as daar ten minste vier groepe is.

Oord

Die oord is 'n groepering van kommando's.

Die *oorddagbestuur* bestaan uit die oordleier, een of meer adjunkoordleiers en die adjunkoordleier [administrasie].

Waar 'n oord 'n groot geografiese gebied beslaan, kan dit in streke verdeel word met *streekleiers* in bevel.

Gebied

Die *gebiedsbestuur* bestaan uit die gebiedsdagbestuur, die oordleiers en die verteenwoor- digers van die gebiedsjeugraad en die staatmakers.

Die *gebiedsdagbestuur* bestaan uit die gebiedsleier, die adjunkgebiedsleiers en die adjunkgebiedsleier [administrasie] .

Landwyd

Die kongres

Die kongres is die hoogste gesag in *Die Voortrekkers* en sy besluite is bindend op alle lede en bestuursliggame.

Dit is verantwoordelik vir die werksaamhede van *Die Voortrekkers*. Dit vergader minstens een keer per 4 jaar .

Die kongres word saamgestel uit die hoofbestuur plus kommando-afgevaardigdes (twee plus een addisionele afgevaardigde vir elke volle 100 lede na die eerste 100) asook een afgevaardigde van elke veldkometskap los van kommando's.

Die take van die kongres is:

- Om uitvoering te gee aan die doelstellings
- Om leiding te gee in alle sake rakende *Die Voortrekkers*
- Om beskrywingspunte te oorweeg
- Om verslae oor werksaamhede en finansies te behandel
- Om die hoofleier te verkies

Die hoofdagbestuur

Dit bestaan uit die hoofleier, die adjunkhoofleier [administrasie] en drie of meer adjunkhoofleiers.

Die hoofbestuur

Dit bestaan uit:

- Die hoofdagbestuur
- Die gebiedsleiers, adjunkgebiedsleiers [administrasie] en soveel ander persone as wat die hoofbestuur verkies
- Die skakeldraer van die staatmakers.

Die hoofbestuur vergader minstens een keer per jaar.
Die hoofbestuur doen aan die kongres verslag van sy werksaamhede.

Vaste komitees

Die hoofbestuur en die hoofdagbestuur word bedien van advies deur vaste komitees en taakgroepe. So is daar byvoorbeeld die vaste komitee: Reglemente wat sake rakende die grondwet en reglemente hanteer. Daar is vaste komitees wat aan spesifieke groepe van Die Voortrekkers aandag gee soos vaste komitee: penkoppe/drawwertjies, verkenners, staatmakers en volwasse sake. Daar is verder ook ‘n aantal vaste komitees en taakgroepe wat aan ander funksionele sake aandag gee.

Die vaste komitees word ook deur hoofbestuur bemagtig om sekere take as komitee af te handel ten einde meer funksioneel te wees as in die verlede. Voorheen moes alle sake eers deur die hoofbestuur goedgekeur word.

Rangkentekens

Rang	Getal kentekens	Waarby gedra
Hoofdagbestuur Hoofleier Adjunkhoofleier	Goudkleurige gekruisde fakkels Drie pare Twee pare	Formele Drag asook Erkenningsbaadjie
Gebiedsdagbestuur Gebiedsleier Adjunkgebiedsleier	**Silwerkleurige wiele** Drie pare Twee pare	Formele Drag asook Erkenningsbaadjie
Oorddagbestuur Oordleier Adjunkoordleier Streekleier	**Rooi kompasse** Drie Kompasse Twee Kompasse Een Kompas	Formele Drag asook Erkenningsbaadjie
Kommandodagbestuur Kommandoleier Adjunkkommandoleier	**Blou Kompasse** Drie Kompasse Twee pare	Formele Drag asook Erkenningsbaadjie
Veldkornetskap Veldkornet Adjudant	**Groen kompasse** Drie Kompasse Twee Kompasse	Formele Drag asook Erkenningsbaadjie
Staatmakers Hoofgroepleier Groepleier Adjunkgroepleier	**Groen kompasse** Drie Kompasse Twee Kompasse Een Kompas	Formele Drag asook Erkenningsbaadjie
Verkenners Hoofspanleier Spanleier Adjunkspanleier	**Groen kruithorings** Drie Twee Een	Erkenningsbaadjie
Penkoppe/drawwertjies Hoofspanleier Spanleier Adjunkspanleier	**Oranje klokkies** Drie Twee Een	Erkenningsbaadjie

Getroue diens

Getroue diens word beloon deur 'n jukskei toe te ken vir elke jaar diens tot die vierde en 'n voorjuk vir die vyfde jaar. Daarna herhaal die proses hom met verskillende kleure jukke soos hieronder aangetoon. Na 30 jaar herhaal die proses hom met 'n voorjuk in die bepaalde kleur waarop 'n lourierkrans aangebring is.

Kleurkode

	Oranje	Groen	Blou	Rooi	Silwer	Goud
Diens	5	10	15	20	25	30
Rang	-	Veldkornetskap	Kom DB	Oord DB	Gebieds DB	HDB
Groepskenteken	P/D	Verkenners	Staatmakers	Offisiere	-	-
Medaljelint	-	Brons	Silwer	Goud	-	-
Offisierskursus	Oriëntering	Spanhantering	Bestuurskursus	Leierseminaar	Spesop	-

Medaljes vir Voortrekkeroffisiere

Naam	Vlak	Toegeken deur
Medalje vir besondere diens	**Kommando**	
Brons	Gebied	**Oordbestuur**
Silwer	Landwyd	Gebiedsbestuur
Goud		Hoofbestuur
	Algemeen	
Dekorasie vir buitengewone diens		**Hoofbestuur**

Toekennings aan ander lede van die beweging

Penning vir uitstaande jeugdiens

- Brons Gebied-/oordbestuur
- Silwer Gebiedbestuur
- Goud Hoofbestuur

Leierskapspenning

- Brons Gebiedsbestuur
- Silwer Gebiedsbestuur
- Goud Hoofbestuur

Toekenning van die Voortrekkervriend

Gebiedsbestuur/Hoofbestuur/Oordbestuur

Erelidmaatskap

Dit word deur die hoofbestuur toegeken aan Oud-lede van *Die Voortrekkers* wat uitstaande diens aan *Die Voortrekkers* gelewer het.

SIMBOLE VAN DIE VOORTREKKERS
Inleiding

Omskrywing

Met simbool word hier bedoel 'n sigbare voorstelling van of herinnering aan aan iets wat van waarde geag word. Deur die simbool te erken, bewys 'n mens jou liefde daarvoor, jou lojali- teit daaraan en verbind jy jou met die doel, strewe en toekomsideale van die instelling wat die simbole wat dit wil voorstel vertoon. Sulke simboliese voorstellings word normaalweg deur figure, vorm en kleur wat bepaalde betekenisse in die heraldiek verkry het, uitgebeeld.

Die Voortrekkers erken ses simbole, naamlik die sinnebeelde van ons land (nasionale wapen, nasionale vlag, en nasionale lied) en die sinnebeelde van ons Voortrekkerskap (Voortrekkerwapen, Voortrekkervlag en Voortrekkerdrag). Saam verpersoonlik hulle ons liefde en trots, ons lojaliteit en ons trou aan ons land, ons nasie en *Die Voortrekkers* en verkondig dit ons idealisme vir die toekoms. Dit is simbole van wat goed en edel in ons nasie en in *Die Voortrekkers* is en van ons geloof in die toekoms. Wanneer ons dit vertoon, erken en vereer ons ons nasie en *Die Voortrekkers* en herinner ons mekaar aan die gemeenskaplike band wat ons bind asook aan die pligte wat daaruit voortspruit.

Herkoms van ons wapens en vlae

Die wapens en vlae wat vandag dwarsoor die wêreld gebruik word, het 'n interessante ontwikkeling gehad. Vanaf die vroegste tye het stamme en volke of groepe mense kentekens gebruik om hulle van ander groepe te onderskei om hulle tot godsdienstige rituele op te roep. Kleure het van die begin af 'n prominente rol gespeel en het ook rituele betekenis gehad: byvoorbeeld rooi vir die offerbloed, wit vir reinheid, blou vir hemelse dinge, groen vir hoop en pers vir berou. Dit is ook interessant om te weet dat die heraldiek vandag nog net ses kleure erken, naamlik silwer of wit, goud of geel, rooi, blou, groen en pers. Afbeeldings van plante of diere is as kentekens gebruik, byvoorbeeld die lotusblom van Egipte en die wolf en gans van die Romeine.

Hierdie kentekens het behalwe in die godsdienstige rituele veral in oorlogstyd op die voorgrond getree. Die heidense volke het gekerfde figure bo-aan lang stokke geplaas sodat hulle op 'n afstand sigbaar sou wees. Die soldate het letterlik onder die banier van sy groep geveg en is dan ook aangemoedig om vir die simbool te veg en is daardeur geïnspireer tot dapper optrede. 'n Soldaat wat in die stryd afgedwaal of afgesny is, kon sy eenheid of leier maklik opspoor deur na die betrokke banier te soek. Hierdie gebruik het in die Romeinse tydperk sy hoogtepunt bereik in die sogenaamde Romeinse standaarde met hul ornamentele arende. Soms is 'n doek (vaandel) onder die simbool aan die paal bevestig en geleidelik het dit die eintlike simbool geword. In die Romeinse tyd is dit as 'n besondere eer beskou om die standaarddraer van sy groep te wees.

Gedurende die middeleeue het embleme 'n belangrike rol gespeel in die feodale stelsel van Europa. Elke ridder het 'n heraldiese familiewapen gehad wat die edelste karaktertrekke van die familie moes versimboliseer. Die gebruik van sulke familiewapens het met streng religieuse en ander kodes (wat byvoorbeeld na die deugde van moed, lojaliteit en toewyding verwys het) gepaard gegaan. Hierdie wapens is op die staalharnasse en skilde van die ridders en hulle onderdane aangebring en daaruit het die nasionale wapens soos ons dit vandag ken, ontwikkel.

Gedurende hierdie tyd is die vaandels vervang met vierkantige of reghoekige baniere waarop die heraldiese wapens van die ridders aangebring is. Die Kruisvaarders wat probeer het om Palestina van die Turke te verower het vir die doel leërs versamel uit baie volke van Europa en het kruise in verskillende vorme as embleme vir die nuutgevonde leërs gekies.

Die vlae soos ons dit vandag ken, dateer uit die vyftiende eeu en is 'n regstreekse ontwikkeling uit die baniere van vroeër. Dit is dus ook nie snaaks dat die kruisteken so 'n prominente rol in die nasionale vlae speel nie want hulle is saamgestel uit elemente wat op die ridder- en kruisvaarderbaniere verskyn het. Die woord "vlag" beteken letterlik "om in die lug te sweef". Vlae is aanvanklik veral ter see gebruik om identifikasie van skepe te ver- gemaklik. Mettertyd is dit ook deur die state aanvaar as sinnebeelde van hulle bestaan en by alle amptelike geleenthede vertoon.

Wyse van optrede teenoor ons simbole

Omdat die simbole 'n sigbare herinnering is aan die heldedade, lyding en opoffering van die voorgeslagte, het hulle gaandeweg gerespekteerde simbole geword.

Ons moet die Voortrekkersimbole dus met dieselfde respek, eer en trots behandel as wat ons doen teenoor die ander dinge wat vir ons dierbaar is, want hierdie simbole verpersoonlik ons Afrikaner- en Voortrekkerwees. Dit is ons eie en ons wil daarmee geïdentifiseer wees. Spesifieke voorskrifte in hierdie verband volg hierna.

Die nasionale liedere

Nkosi Sikelel' i Afrika

Malupha kanyisw' uphondo lwayo

Yizwa imithandazo yethu

Nkosi sikelela, thina lusapholwayo

Morena boloka setjhaba saheso

ofedise dintwa lematshwenyeho

O se boloke, O se boloke,

Setjhaba sa heso

Setjhaba sa, South Afrika,

South Afrika.

Uit die blou van onse hemel,

uit die diepte van ons see,

oor ons ewige gebergtes

waar die kranse antwoord gee

Sounds the call to come together

and united we shall stand,

Let us live and strive for
freedom in South Africa our Land

Die Stem van Suid-Afrika

Uit die blou van onse hemel
uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
waar die kranse antwoord gee,
Deur ons vér verlate vlaktes
met die kreun van ossewa,
Ruis die stem van ons geliefde,
van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem,

ons sal offer wat jy vra:
Ons lewe, ons sal sterwe,
ons vir jou Suid-Afrika.

In die songloed van ons somer,
in ons winternag se kou,
In die lente van ons liefde,
in die lamfer van ons rou,
By die klink van huw'liks klokkies,
by die kluit klap op die kis,
Streel jou stem ons nooit verniet nie,
weet jy waar jou kinders is,
Op jou roep seg ons nooit nee nie,
seg ons altyd, altyd ja:
Om te lewe, om te sterwe,
ja, ons kom, Suid-Afrika.

In die merg van ons gebeente,
in ons hart en siel en gees,
In ons roem op ons verlede,
in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel,
van ons wieg tot aan ons graf
Deel geen ander land ons liefde,
trek geen ander trou ons af.
Vaderland! ons sal die adel
van jou naam met ere dra:
Waar en trou as Afrikaners
kinders van Suid-Afrika

Op U Almag vas vertrouend
het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o Here!
om te handhaaf en te hou -
Dat die erwe van ons vaad're
vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste,
teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het,
leer ook ons vertrou, o Heer -
met ons land en met ons nasie
sal dit wel wees, God regeer.

Die woorde van die eerste drie versies het CJ Langenhoven op 30 en 31 Mei 1918 in sy woning "Arbeidsgenot" op Oudtshoom gedig en ook 'n melodie vir die woorde gekomponeer.

Albei is kort daarna gepubliseer (onder andere in Die Burger onder die skuilnaam KRN). Die woorde is allerweë geprys, maar die musiek het kritiek uitgelok. Op openbare versoek voeg Langenhoven die vierde vers by.

Langenhoven het 'n wedstryd aangekondig om 'n geskikte melodie te verkry. Talle komponiste het pogings voorgelê, maar nie een het werklik by die volk ingang gevind nie. Na 'n poging in 1918 wat ook nie geslaag het nie, het ds ML de Villiers in 1921 in sy pastorie op Simonstad die toonsetting voltooi wat, op 'n paar klein veranderings na, dieselfde is as die wat vandag nog gesing word.

Ds de Villiers het dadelik aan die werk gespring om dit so gou as moontlik aan die Afrikanervolk bekend te stel. As gevolg van die gebruik om die melodie by die afsluiting van die daaglikse radioprogramme te speel en die keuse van hierdie toonsetting by die eerste vlaghysing van die nuwe Unievlag op 31 Mei 1928, het die Afrikaner dit as iets van sy eie begin aanvaar .

In 1931 skryf die FAK 'n wedstryd uit vir die volkslied. Die komitee was eenparig in sy besluit dat Die Stem van Suid-Afrika die volkslied moes wees en uit die 40 toonsettings daarvoor is die van ds ML de Villiers in 1937 ook eenparig aanvaar.

Met die opening van die parlement in 1938 het genl Hertzog hierdie toonsetting laat speel saam met "God save the King". In 1938 het die Volksraad hierdie gebruik gewettig. Na 'n mislukte poging van dr DF Malan in 1939 om die Stem van Suid-Afrika as die enigste volkslied aanvaar te kry, is die volksliedvraagstuk op die langebaan geskuif as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog.

In 1952 het die Regering 'n Engelse vertaling aanvaar en op 2 Mei 1957 het die Stem van Suid-Afrika die enigste "volkslied" (eintlik nasionale lied) van Suid-Afrika geword. Op 27 April 1994 is dit as een van die nasionale liedere erken.

Nkosi sikelele iAfrika

Nkosi sikelel i Afrika
Maluphhakam upondo Iwayo
Viva Imithandazo yeto
Usisikelele (X 2)

Koor:
Ylhla Moya yhlkla Moya
Ylhla Moya Oyinewele
Sikelela Nkosi zero
Zimkumbule Umdali wazo
Zimoyike zezlmhlouele
Azisikelele (X 2)

Sikelel' amadol elzwe
Sikelela Kwa nomilsela
Ultwal' Ilzwe ngomonde
Uwusikelele (X 2)

Hierdie gebedslied is in 1897 deur Enoch Sontongo, 'n onderwyser verbonde aan 'n sendingskool in die Transvaal geskryf. Volgens oorlewering is die lied die eerste keer in 1899 met die bevestiging van die eerste swart predikant van die Metodistekerk van Nancefield in die Transvaal gesing.

Samuel EK Mqhayi het 'n verdere sewe strofes, almal met dieselfde strekking as die oor- spronklike gedig bygeskryf. Hierdie strofes word egter selde gesing.

Dit is nie bekend wie die toonsetting van die gedig gedoen het nie.

Die woorde van die lied is die eerste keer in 1927 in 'n Johannesburgse weekblad "Umteteleli wa Bantu" gepubliseer. Nkosi het in 1963 die nasionale lied van die Transkei geword toe die gebied onafhanklik geword het.

Die nasionale vlag

Inleiding

Die nasionale vlag is die sinnebeeld van ons nasie se bestaan en van die lojaliteit van sy onderdane.

Geskiedenis

Hierdie vlag is op 27 April 1994 in gebruik geneem en vervang die vorige vlag wat vanaf 31 Mei 1928 tot 26 April 1994 oor Suid-Afrika gewapper het. Die ontwerp van die nuwe nasionale vlag en die kleure wat daarin voorkom, is 'n samevatting van die vernaamste elemente in Suid-Afrika se staatkundige vlaggeskiedenis vanaf die vroegste dae tot die hede.

Beskrywing

Die nasionale vlag is reghoekig in die verhouding van twee in die hoogte tot drie in die lengte gaffelsgewys vanaf die broeking verdeel, die boonste baan rissierooi en die onderste baan blou met 'n swart driehoek teen die broeking; oor die verdelingslyn heen 'n groen gaffel, een vyfde die vlaghoogte wit omsoom teen die rissierooi en die blou en goud teen die swart drie- hoek teen die broeking; die breedte van die gaffel tesame met die omsomings is een derde van die vlaghoogte.

Simboliek

a Kleure

Die geskiedkundige-heraldiese betekenis van die verskillende kleure en die simboliek wat *Die Voortrekkers* daaraan heg, is soos volg:

Rooi (of rooi elemente) en oranje (wat heraldies nie van rooi onderskeibaar is nie) Dit is gewoonlik die kleur wat gebruik word wanneer gevaar dreig, waarskuwing van 'n oorlog, van krygswet, van rewolusie, van protes. In die vlag dien dit nie as 'n gevaarkleur nie, maar dui op die beskerming teen daardie gevaar. Rooi is dus die kleur van moed, dapperheid en durf.

Wit of *silwer* dui op vrede, vredesonderhandelinge of oorgawe. In die vlag beteken dit vir 'n Voortrekker die vrede van Christus.

Blou dui vir 'n Voortrekker op 'n hoopvolle toekoms wat in die geloof binnegegaan word.

Groen dui op veiligheid, voortgang. Vir 'n Voortrekker versimboliseer dit geborgenheid wanneer dit in die vlag voorkom.

Goud of *geel* dui op kwarentyn, siekte of waarskuwing. Vir 'n Voortrekker simboliseer dit 'n waarskuwing wanneer dit in die vlag voorkom.

Swart is die kleur wat dood, rou, protes of anargie aandui. Vir 'n Voortrekker versimboliseer dit protes.

Die kleure van vorige *staatkundige* vlae is in die nasionale vlag opgeneem. So kom die rooi, wit en blou kleure voor in die vlae van Nederland, Frankryk en Brittanje. Die groen kleur kom voor in die vlae van die Nuwe Republiek (Vrystaat) en die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal). Die goud het as oranje in die vlag van die Oranje-Vrystaat voorgekom. Die swart kom vanaf die vlag van die Republiek Goosen.

b Vorm

Die gaffel wat die vlag verdeel, en dan spesifiek die groen kleur daarvan wat op geborgenheid dui, simboliseer die voortgesette roeping om deur arbeid, gebed en in geloof die Christelike beskawing in Suid-Afrika uit te bou.

Betekenis

'n Vlag is die sinnebeeld van die bestaan van 'n nasie. Dit is 'n waardige simbool van 'n self-standige nasie, die hoogte simbool van ons vaderland en word gebruik om geesdrif daarvoor te skep, om die burgers tot edele pogings te besiel. Wanneer daar 'n beroep op die patriotis- me van 'n nasie gedoen word, geskied dit deur verwysing na die vlag waarvoor die nasie leer en veg en sterf. Die vlag is dan by uitstek die simbool van die voortbestaan van die nasie.

Ons vlag vertel aan die wêreld dat ons nasie onafhanklik is. Die vlag wapper oral waar ons erken word en waar ons optree. Omrede Die Voortrekkers ook aktief in Namibië gevestig is; word die

Namibiese vlag met sy simboliek ook gekoester wanneer daar binne die grense van Namibië opgetree word.

Die Vlaglied

Die betekenis van ons nasionale vlag word mooi en treffend saamgevat deur CJ Langenhoven in sy Vlaglied, *Ons Eie Vlag*:

Daar is ander en eie wat opkyk en vra:
Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?
'n Lap met 'n skilderpatroon,
'n Vadoek wat fladder vir spogvertoon?

Aan die vreemde van ver af wat opkyk en vra:
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika?
Sê: Vreemdeling, luister met vriendelikheid:
Die vlag is die beeld van ons majesteit,
Ons nasie se septer, ons volk se kroon,
Die regterhands-waarborg aan al wat hier woon

Dat burger by burger as een man sal staan
Om skoon en onskendbaar te hou daardie vaan;
Aan ander 'n waarskuwing, wie ook kom pla,
Pasop vir die seun van Suid-Afrika.

Aan kinders van my wat nog opkyk en vra:
Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?
Sê: Kinders, hy's julle verbond met mekaar
Om elkeen teen elkeen sy trou te bewaar,
Om elkeen sy eer en sy roem te behou,
Om te voel ons is niemand se minderes nou -
Ons wil is ons eie, ons weg wys so
Soos ons self hom baan, onder God daar bo.
Saam sal ons dien, en saam sal ons dra,
Want saam is ons seuns van Suid-Afrika.

Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika?
Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg
Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;
Die pand van ons erfnis geslag op geslag,
Om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;
Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.
Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
Die vlag van ons eie Suid-Afrika.

Die Voortrekkerwapen

Inleiding

Die Voortrekkerwapen is by uitstek 'n simboliese kenteken gebaseer op ons volksverlede wat die doelstellings van die Voortrekkerbeweging versinnebeeld.

Geskiedenis

Die ontwerp van die wapen was die idee van prof B Taute (Vooros), latere gebiedsleier van Kaapland, terwyl die leuse die voorstel van die eerste hoofleier dr NJ van der Merwe was. Die wapen is op 13 Augustus 1942 by die Departement van Binnelandse Sake geregistreer en is in 1960 na 'n Kongresbesluit gestandaardiseer op sy huidige ontwerp. Die ontwerp het onveranderd gebly met die aanvaarding van die Konstitusie in 1974 en die Grondwet in 1993.

Samestelling

Die wapen van Die Voortrekkers bestaan uit 'n silwerkleurige voorwiel van 'n kakebeenwa (met vyf vellings en tien speke) op 'n swart agtergrond waarop 'n wit fakkel wat met 'n rooi vlam brand, vasgebind is met 'n blou lint wat tweemaal oorkruis geknoop is. Onderaan is die leuse *Hou Koers* in wit letters aangebring op 'n blou lint. Die wiel staan so dat twee van die speke wat regoor mekaar is 'n hoek van 90 grade met die grond vorm. Die Voortrekkerwapen bevat dus al drie die kleure van die Voortrekkervlag.

Simboliek

a Die *voorwiel* van 'n *kakebeenwa*

Die wiel bestaan uit ' n naaf, tien speke, vyf vellings en 'n staalband rondom. Die *naaf* is die middelpunt van die wiel en daarin word die hele vrag wat die wiel moet dra, gekonsentreer. Die naaf moet sterk wees om sy funksie te vervul.

Die naaf is dus die simbool van diensbaarheid.

Die naaf en die vellings word verbind deur tien *speke,* eweredig gespasieer. Op elke speek rus 'n deel van die las en dit help dus om die vrag te dra.

Die tien speke is 'n sinnebeeld van die lewenssterkte van Die *Voortrekkers* soos dit in die tweede doelstelling uitgedruk word.

Aan die buitekant van die speke is daar vyf *vellings* wat die speke met mekaar verbind en aan die wiel die ronde vorm gee.

Die velling is die simbool van stewigheid.

Rondom die wiel is daar 'n *ysterband* wat al die afsonderlike dele bymekaarvoeg en die wiel voltooi.

Die voorwiel van die kakebeenwa dui die verbondenheid van die Voortrekkerbeweging met ons volksverlede en tradisies aan.

Dit versinnebeeld stewigheid, vastigheid en betroubaarheid; iets wat 'n swaar las kan dra en dus in die hoogste mate diensbaar is.

Verder suggereer die wiel beweging en vooruitgang omdat die wawiele van die Voortrekkers die onbewoonde en woeste binneland binnegerol het en daar vooruitgang gebring het.

Dit dui dus die rigting aan want die wa moet die voorwiel volg.

Laastens dui dit ons land se slagspreuk aan: Ex unitate vires (Eendrag maak mag).

b Die *brandende fakkel*

Die brandende fakkel simboliseer die lig van die Christelike en westerse beskawing wat ons voorouers saam met die ossewa in 'n onbeskaafde binneland ingedra het. Ons voorouers was bereid om hulle goed en bloed daarvoor te offer.

Daarom spoor die brandende fakkel ons aan om vandag nog ligdraers te wees.

c *Die leuse*

Die leuse *Hou Koers* pas goed aan by die milieu van die ossewa en wys op ons verbondenheid aan die verlede. Ons voorouers moes met die kakebeenwaens die onbekende binneland binnetrek, oor berge en dale, deur vol riviere en bosryke vlaktes na die eindbestemming. Dit kon hulle alleen doen indien hulle die ingeslane koers kon hou.

Daarby dra die leuse ook 'n boodskap van besieling en aanmoediging aan die jeuglede om op die regte pad, die pad van die doelstellings, koersvas voort te beweeg.

Dr JD Kestell het dit treffend saamgevat toe hy gesê het: "Die persone wat daardie leuse gekies het, het soos die Romeinse boumeesters van ouds, sterker gebou as wat hulle gemeen het."

Samevatting

Die Voortrekkerwapen skep die indruk van beweging, doelgerigte beweging op 'n voorafbepaalde koers, die pad van Suid-Afrika!

Die Voortrekkervlag

Inleiding

In 1931 toe die Voortrekkerbeweging gestig is, kon die landsvlag en die Union Jack saam gehys word vir amptelike funksies. Daarvoor het die stigters nie kans gesien nie en het 'n eie tradisie met die Voortrekkervlag geskep.

Geskiedenis

Die Voortrekkervlag is die vlag van die geskiedkundige Voortrekkerrepubliek Natalia wat na die slag van Bloedrivier in Natal gestig is. Die vlag het die drie kleure van die Statenvlag in driehoekige vorms saamgevoeg omdat die ontwerper daarvan die ou bekende kleure wou behou. Omdat al die ander bekende vorms reeds voorheen in ander vlae gebruik is, het hulle toe besluit om van driehoeke gebruik te maak om 'n unieke vlag te skep. Hierdie vlag was die eerste oorspronklike vlag wat op Suid-Afrikaanse bodem geskep is. Dit is amptelik in 1839 aanvaar en is na 'n kortstondige bestaan op 26 Junie 1842 gestryk.

Hierdie geskiedkundige vlag is op voorstel van mev MM Jansen, die eerste onderhoofleidster, as die Voortrekkervlag gekies. Sy het die eerste vlag dan ook eiehandig gemaak, en daardie vlag is tydens die stigting van die Voortrekkerbeweging op 30 September 1931 gehys. Daardie vlag word tans op Doornkloof, die Vrystaatse Voortrekkerplaas bewaar.

Beskrywing

Die vlag bestaan uit drie driehoekige bane, onderskeidelik van bo na onder rooi, wit en blou. Die wydste kante van die rooi en blou driehoeke is aan die vlagpaal se kant en maak daar elk een helfte van die vlag se breedte uit. Die wit baan loop van die middelpunt van die vlag aan die vlagpale se kant uit sodat dit die volle breedte van die ander sy van die vlag inneem. Die lengte van die vlag is een-en-'n-half maal sy breedte.

Simboliek

a Kleur

Die kleure van die vlag is die van die Statenvlag en versinnebeeld dus dieselfde deugde as wat reeds by die landsvlag genoem is:

- *rooi* is die kleur van dapperheid, durf en moed;
- *wit* is die simbool van eenheid van strewe, van hoe en skoon ideale en van reinheid van gedagte, woord en daad
- *blou* is die simbool van volharding en 'n helder en skone vooruitsig.

b Vorm

Die driehoek is 'n eenvoudige konstruksie wat 'n swaar las kan dra en nie maklik inmekaar-gedruk kan word nie. Dit dui op stewigheid.

Samevatting

Die eenvoudige dog treffende Voortrekkervlag versinnebeeld die selfstandigheid van die Voortrekkerbeweging, identifiseer ons en dui die eenheid van strewe by al die lede daarvan aan.

Vlaggroottes

Die volgende vlaggroottes word voorgeskryf:

- Vir gebruik by die Uniegebou en by Tuynhuys: 540 cm x 360 cm
- Vir seremoniele gebruik en by die geboue waar Staatsdepartemente en Provinsiale wetgewers se hoofkantore is of Ie de van die kabinet en adjunkministers gehuisves word: 270cm x 180 cm
- Vir gewone gebruik: 270 cm x 180 cm of 180 cm x 120 cm na gelang van die grootte vandie gebou met die reeling *dat Die Voortrekkers* normaalweg die vlag van 180 cm x 120 cm binnenshuis en buitenshuis gebruik
- Vir gebruik in stormagtige weer; 90 cm x 60 cm

Vlagkode

Die nasionale vlag kry voorrang bo alle ander vlae.

- Dit impliseer dat wanneer die nasionale vlag en ander vlae saam vertoon word, die nasionale vlag nie kleiner mag wees as 'n ander vlag nie. Die paal waaraan dit hang mag nie korter of dunner wees as die paal van 'n ander vlag nie.
- Wanneer die nasionale vlag en 'n ander vlag (byvoorbeeld die Voortrekkervlag) saam gehys word, moet die nasionale vlag altyd ongeveer 'n halwe meter hoër wees as die Voortrekkervlag. Ook met die stryking moet die nasionale vlag ongeveer 'n halwe meter (vlagbreedte) hoër as die Voortrekkervlag bly.
- Enige ander vlag wat saam met die nasionale vlag gehys word, word eers ontplooi nadat die nasionale vlag klaar ontplooi is.
- Die nasionale vlag hang links van die Voortrekkervlag wanneer 'n mens na die vlae kyk (vanuit die gehoor). Wanneer vlae voor 'n gebou wapper, moet die nasionale vlag links hang wanneer 'n mens na die gebou kyk.
- Wanneer vlae binnenshuis teen 'n muur gehang word moet die toeskouer die nasionale vlag aan die linkerkant en die Voortrekkervlag aan die regterkant sien.
- Indien die vae vertikaal teen 'n muur vertoon word, moet die kante waar die tou is aan die bokant hang met die nasionale vlag links en die Voortrekkervlag regs sodat die blou bane in die middel teenmekaar is.
- Indien die vlae aan gekruiste stokke vertoon word, moet die nasionale vlag se stok voor die ander vlagstok wees. In 'n optog moet die nasionale vlag die voorste posisie beklee
- Die nasionale vlag mag aan 'n motor vertoon word mits dit aan 'n stok wapper wat regs van die bestuurder geplaas is.

Halfmas

- Wanneer die president 'n proklamasie uitvaardig dat die nasionale vlag halfmas vertoon word (gewoonlik na die afsterwe van 'n hoogwaardigheidsbekleer), moet alle ander vlae wat tydens die duur van die routydperk vertoon word ook halfmas gevoer word.
- Enige ander vlag kan op inisiatief van die betrokke bestuur halfmas vertoon word. In die geval is dit nie nodig dat die nasionale vlag halfmas vertoon word nie.
- Wanneer vlae halfmas hang as teken van rou, word die vlae eers tot bo gehys en ontplooi en daarna stadig tot die halfmasposisie laat sak. By die stryking word die vlae eers tot by die bopunt gehys en daarna laat stryk.

Ander bepalings

- 'n Vlag mag nie aan die vloer of die grond raak nie.
- Vlae word altyd na gebruik netjies opgerol gebêre.
- Wanneer vlae saans vertoon word moet dit verlig word.

- Die nasionale of Voortrekkervlag mag as 'n bedekking vir 'n kis by 'n begrafnis gebruik word, maar moet afgehaal word wanneer die kis in die graf neergelaat word.
- VIae mag nooit as tafeldoek, versiersels ofkleedjies gebruik word nie.

G E D R A G S K O D E

INLEIDING

Die woord *gedragskode* bestaan uit twee elemente, naamlik *gedrag* (wat 'n handeling of bepaalde wyse van optrede aandui) en *kode* (wat reëls waartoe ooreengekom is, beteken). Daarom omskryf die W A T gedragskode as " ... reëls waarvolgens lede van 'n beroep hulle moet gedra ..."

Omdat 'n kode nie 'n wet is nie, impliseer die begrip *kode* verder dat 'n persoon vrywillig onderneem om hom by die reëls neer te lê wanneer hy lid van 'n organisasie word. Indien 'n lid dit nie kan of wil nakom nie, kan sy lidmaatskap beëindig word. Gedragskode het dus te doen met die innerlike gesindheid en strewe wat deur die gedrag geopenbaar word.

Vir *Die Voortrekkers* is die gedragskode die voorskrifte waarvolgens die lede hulle gedrag en optrede moet inrig, nie slegs wanneer hulle in Voortrekkerdrag is nie, maar ook in die alledaagse lewe. Hierdie gedragskode is gebaseer op die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers,* asook op wellewendheid en welwillendheid teenoor die medemens en eerbied vir die eie. Daarom behoort die lewenswyse en optrede van 'n Voortrekker altyd tot eer van God en tot diens van volk, land en medemens te wees. Die voorskrifte vir Voortrekkers se optrede lê veel dieper as wat dit oppervlakkig mag voorkom.

Die gedragskode van *Die Voortrekkers* is algaande opgebou uit sy eie tradisionele optrede. Geleidelik het dit vaste vorm aangeneem en is dit beskryf. Hierdie uiterlike gedragslyn is noodsaaklik vir die dissipline in *Die Voortrekkers* en verseker dat elkeen weet hoe hy/sy behoort op te tree sodat *lede van Die Voortrekkers* by alle georganiseerde aktiwiteite eenvormig optree.

Die gedragskode is 'n dinamiese deel van Voortrekkerwees wat voortdurend aanpas by die omstandighede van die tyd sonder om beginsels prys te gee.

GRONDWET, REGLEMENTE EN RIGLYNE

Elke Voortrekker aanvaar die grondwet en onderneem om die reglemente en riglyne wat daarkragtens uitgevaardig is, te eerbiedig. Geen Voortrekker is daarbo verhewe nie en niemand kan 'n Voortrekker van die bepalings daarvan vrystel nie. Vertoë om die grondwet, reglemente of riglyne te wysig, moet deur die regte kanale geskied.

GESAGSTRUKTUUR

Die gesagstruktuur van *Die Voortrekkers* is dienend van aard. Dit beteken dat persone in gesagsposisies nooit outokraties mag optree nie, maar altyd moet oorweeg of sy optrede sodanig is dat dit die Voortrekkersaak, en in die besonder die jeuglid, se belange die beste dien.

DIE GEDRAGSKODE VAN 'N VOORTREKKERLEIER

Elke volwasse leier aanvaar die volgende riglyne vir sy optrede omdat sy lewenswyse ook 'n leerboek vir die leier van môre is:

1 *Om getrou te wees aan die missie, visie, grondslag, wese, doelstellings, volwasse beloftes, van Die Voortrekkers, om dit my eie te maak en dit te bevorder.*

2 *Om 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf.*

3 *Om te weet dat dit in Die Voortrekkers om die jeuglid gaan, dat sy behoeftes en omstandighede bepalend moet wees en dat my positiewe siening van 'n kind 'n vormende invloed op die jeuglid sal hê.*

4 *Om lojaliteit en respek te betoon teenoor alle lede van Die Voortrekkers en my amp of posisie te beklee in 'n gees van hulpvaardigheid en welwillendheid.*

5 *Om te alle tye sober en onberispelik op te tree en my nie skuldig te maak aan misbruik (of die indruk van misbruik te laat) van enige aard nie.*

6 *Om my daarvan te weerhou om uitsprake oor dogmatiese of partypolitieke aangeleenthede te maak.*

7 *Om positief op te tree in die uitvoering van dissipline en niemand hardhandig, vernederend of verkleinerend te behandel nie.*

8 *Om bereid te wees om op 'n gereelde basis opleiding en verrykingsgeleenthede by te woon.*

9 *Om 'n ambassadeur vir Die Voortrekkers te wees en die beeld daarvan te bevorder.*

10 *Om pro-aktief te wees in my beplanning, regverdig in my oordeel en positief in my siening en nie myself of my span ten koste van ander te bevoordeel nie.*

11 *Om kreatief en inisiërend te dink en te doen en om nie die weg van minste ongerief te volg nie.*

12 *Om betyds kennis te gee indien ek 'n verantwoordelikheid nie kan nakom nie en om goed voorbereid, entoesiasties en stiptelik te wees in die nakoming van my pligte.*

VERPLIGTINGS

Bywoning van vergaderings en funksies

'n Voortrekker kom al sy verpligtings met betrekking tot die bywoning van vergaderings of funksies getrou na. Indien hy met rede verhinder word om dit te doen, stel hy die verantwoordelike persoon (indien moontlik) skriftelik daarvan in kennis, asook sy sekundus en oorhandig alle toepaslike dokumentasie aan die sekundus.

Take

Dit is vir elke Voortrekker 'n saak van eer om die take wat hy onderneem het, te voltooi. Indien hy weens onvermydelike omstandighede nie kan uitvoer wat hy onderneem het nie, sorg hy vir 'n plaasvervanger en verwittig die verantwoordelike persoon daarvan. Die betrokke Voortrekkker bly egter aanspreeklik vir die werk van sy plaasvervanger.

Optrede van jeuglede teenoor volwasse lede

Elke jeuglid moet dieselfde eerbied en gehoorsaamheid aan alle volwasse lede betoon as wat hy aan sy eie spanoffisier laat toekom.

AANSPREEKVORM

In die openbaar

Voortrekkers onderskei tussen rangerkenning en aanspreekvorm, byvoorbeeld "kommandoleier Susan Roos sal nou optree" [erkenning van rang] en "mevrou Roos (of Susan) [aanspreekvorm] sal u na vore kom?"

Vir skriftelike doeleindes

Vir notules en ander skriftelike doeleindes, byvoorbeeld in briefwisseling word range gebruik, byvoorbeeld HL, AHL. Die sekretaris van 'n bestuursliggaam kan egter 'n brief afsluit met: *Sekretaris: ... Voortrekkers*

Vir informele doeleindes
Vir informele doeleindes word offisiere as oom/tannie, neef/nig of noemnaam aangespreek. Dieselfde gebruik word gehandhaaf as in die normale sosiale situasie.

ANDER ORGANISASIES

Voortrekkers word dikwels genooi om deel te neem aan verrigtinge of funksies van ander organisasies of aktiwiteite wat deur ander instansies gereël word en hulle behoort sulke uitnodigings te aanvaar. So behoort kommando's deel te neem aan plaaslike aktiwiteite binne die gemeenskap waarin die kommando opereer (byvoorbeeld kultuurliggame), streke aan die aktiwiteite van sy omgewing, oorde aan aktiwiteite wat wyer as kommando- of streekgrense binne sy werwingsgebied strek, gebiede aan provinsiale aktiwiteite binne sy gesagsgebied en *Die Voortrekkers* aan nasionale aktiwiteite of funksies.
Voortrekkers verkry vooraf die toestemming van die betrokke bestuursliggaam voordat hulle met enige ander organisasie saamwerk of die hand na hulle uitreik. In so 'n geval hoef *Die Voortrekkers* hulle nie noodwendig met alle aspekte van daardie liggaam se doel en optrede te vereenselwig nie. Die goue reël is dat die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* nie deur sodanige samewerking in die gedrang moet kom nie en dat *Die Voortrekkers* homself nooit in die proses mag verloën nie.
Kommando's moet alle ooreenkomste eerbiedig wat met gemeenskappe, kerke en skole bereik is ten opsigte van programtye. In die besonder moet die kommando ook met plaaslike gemeentes (kerke) reëlings tref indien jeuglede nie kategese kan bywoon nie as gevolg van Voortrekkerkampe.

PARTYPOLITIEK

Die Voortrekkers neem aan geen funksie of werksaamheid van partypolitieke aard deel nie.

MEDIA

- Die hoofleier is gemagtig om verklarings oor Voortrekkersake van nasionale aard te maak, gebiedsleiers oor gebieds-aangeleenthede, oordleiers oor oordsake en kommandoleiers oor plaaslike aangeleenthede.
- Geen Voortrekker mag sonder magtiging deur middel van artikels, briewe of onderhoude in die openbare media 'n interpretasie gee van beleid- of beginselsake van *Die Voortrekkers* nie.
- Geen Voortrekker mag 'n personderhoud toestaan of aan 'n radio- of televisieprogram deelneem sonder die toestemming van die betrokke bestuursliggaam nie.
- Kommando's/oorde behoort nuusberigte oor plaaslike aangeleenthede vryelik aan die media beskikbaar te stel.

HUWELIKSAANGELEENTHEDE

Wanneer 'n Voortrekkeroffisier of staatmaker in 'n huweliksgeding of ander soortgelyke onaanvaarbare gedrag betrokke raak (byvoorbeeld 'n buite-egtelike verhouding), moet die bestuursliggaam van die hoogste vlak waarby die lid betrokke is, die saak beoordeel en die ondergenoemde sake oorweeg en besluit of die persoon in sy posisie gehandhaaf kan bly:

- Sal die posisie waarin die betrokke persoon hom bevind aanstoot gee in die gemeenskap waarin die persoon optree?
- Sal die betrokke persoon ongestoord met sy werksaamhede kan voortgaan?
- Sal die betrokke persoon in die omstandighede van die geval aanvaarbaar bly as staatmaker of as offisier op die bepaalde vlak?

ALKOHOLIESE DRANK

- Die gebruik van alkoholiese drank by Voortrekkergeleenthede moet omsigtig hanteer word.
- Die hoofbestuur het bepaal dat elke gebied-, oord-, kommando- of kampbestuur self riglyne hieroor neerlê waarin die beginsel vervat is dat wanneer 'n volwassene aan diens is, hy nie alkoholiese drank moet gebruik nie.

KLEREDRAG

- Die Voortrekkerlapelwapen mag na willekeur by privaatklere gedra word.
- Hempies waarop die Voortrekkerwapen, -simbole of -kentekens verskyn, mag vervaardig of gedra word nadat die betrokke gebiedsdagbestuur die ontwerp daarvan goedgekeur het.
- Tydens openbare funksies waar dit die beeld van *Die Voortrekkers* raak (byvoorbeeld Presidentverkenneroorhandigingsfunksies) mag slegs die (korrekte) Voortrekkerdrag gedra word.

GEDRAGSKODE VIR DIE GEBRUIK VAN VOORTREKKERDRAG

- Voortrekkeraktiwiteite word gewoonlik in Voortrekkerdrag bygewoon tensy die bevelvoerende offisier vooraf spesifiek ander opdragte gegee het.
- 'n Voortrekker dra die voorgeskrewe formele Voortrekkerdrag altyd volledig met kentekens presies korrek daarop aangebring en sorg dat die Voortrekkerdrag altyd netjies en skoon is. Voortrekkerdrag moet altyd gereed wees vir onmiddellike gebruik. (Sien die publikasie *Riglyn: Voortrekkerdrag* wat by die Depot beskikbaar is vir die voorskrifte oor Voortrekkerdrag)
- Bepalings vir die dra van aktiewe of formele Voortrekkerdrag is beskikbaar by die Depot, en u Kommando sal u meer daaroor inlig.
- Die Depot kan gekontak word by (012) 329-0198, of per faks (012) 329-0200 of per e-pos: vtdepot@iafrica.com
- 'n Voortrekker mag nie sy Voortrekkerdrag dra wanneer hy op sy eie kollekteer of kaartjies verkoop nie.
- Geen Voortrekker tree in Voortrekkerdrag by enige partypolitieke byeenkoms op nie.
- Voortrekkers neem nie in Voortrekkerdrag deel aan byeenkomste van ander organisasies nie, tensy hulle bevelvoerende offisiere hulle daartoe magtig.

OPTREDE VAN VOORTREKKERLEIERS IN DIE OPENBAAR

- Wanneer 'n Voortrekkerleier in die openbaar optree, selfs in nie-Voortrekkerverband, is hy 'n beelddraer van *Die Voortrekkers*.
- Die optrede en uitsprake van Voortrekkerleiers mag nooit in stryd wees met die grondslag en wese, die doelstellings of die bepalings van die grondwet en reglemente of besluite van *Die Voortrekkers* nie.
- Die optrede van leiers mag nooit *Die Voortrekkers* in gedrang bring of in die verleentheid stel nie.
- Leiers mag nooit hulle persoonlike oortuigings of beskouings op politieke, kerklike of ander vlakke van die openbare lewe aan spanne, kommando's, oorde of *Die Voortrekkers* as geheel oordra nie.

GELEENTHEDE BINNE VOORTREKKERVERBAND WAAR LEIERS OPTREE

- Geleenthede binne Voortrekkerverband behoort verband te hou met Voortrekkerwerksaamhede.
- Elke leier tree primêr op by geleenthede van die vlak waartoe hy verkies is, byvoorbeeld kommandodagbestuurslede tydens geleenthede van plaaslike belang, oorddagbestuurslede by geleenthede wat op die oord betrekking het, gebiedsdagbestuurslede waar die belange van die gebiede betrokke is en hoofdagbestuurslede op nasionale vlak.
- Daarbenewens kan leiers ook vir oorkruis-optredes genooi word, byvoorbeeld 'n hoofdagbestuurslid na 'n kommando- of oordbyeenkoms.
- By sulke oorkruis-uitnodigings is die basiese etiket dat die liggaam wat 'n leier uitnooi ook ander belanghebbende bestuursliggame daarvan in kennis stel, byvoorbeeld as 'n kommando 'n gebiedsdagbestuurslid nooi, moet hy die oordbestuur ook daarvan in kennis stel.
- Die gedeelte oor *protokol* dui riglyne aan vir sulke optredes.

ANDER GELEENTHEDE WAARNA VOORTREKKERLEIERS UITGENOOI WORD

Voortrekkerleiers word dikwels op grond van hulle kundigheid of rol in die samelewing genooi om deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite of funksies en die volgende moontlikhede kan onderskei word:

Uitnodigings aan offisiere om tydens funksies op te tree
Hier gaan dit om die individuele lid se vermoë en die offisier besluit self of hy die uitnodiging aanvaar of nie.

Uitnodigings om op deurlopende, nie-politieke komitees te dien
Deelname aan sulke komitees soos kultuurkomitees in die eie omgewing behoort aangemoedig te word. Jeugleierverteenwoordiging kan ook plaasvind indien dit onder die direkte voogskap van 'n betrokke dagbestuurslid geskied.

Uitnodigings om op ad hoc-komitees met 'n spesifieke taakopdrag te dien
Verskillende owerheidsliggame rig uitnodigings om op ad hoc-komitees te dien waartydens beleidsvoorstelle gemaak word. Dit is belangrik om te dien sodat 'n bydrae uit Voortrekkerperspektief gemaak kan word.

Uitnodigings na aktiwiteite wat deur politieke partye gereël word
Die Voortrekkers neem hoegenaamd nie aan sodanige aksies deel nie. Dit staan individuele Voortrekkers vry om in hulle persoonlike hoedanigheid aan sodanige aksies deel te neem sonder om *Die Voortrekkers* by implikasie daarby te betrek.

Uitnodigings om deel te neem aan 'n funksie van 'n instansie waarop *Die Voortrekkers* nie verteenwoordig is nie
Voortrekkers kan deelneem mits die aard van die funksie nie in stryd is met Voortrekkernorme nie, byvoorbeeld eeufeesvieringe van 'n stad of dorp, 'n Krugerfees of Geloftefees. In so 'n geval mag politieke partye as deel van die betrokke gemeenskap ook aan die verrigtinge deelneem sonder beletsel vir *Die Voortrekkers* mits die geleentheid nie in 'n partypolitieke aksie ontaard nie.

FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

Fondsinsameling
- Die hoofbestuur het insameling deur kompetisies waarby loting betrokke is vir die aanwysing van 'n wenner afgewys.
- *Die Voortrekkers* moet daarteen waak om nie deur ander organisasies vir fondsinsamelings misbruik te word nie.

Donasies aan *Die Voortrekkers*
- Die hoofkantore van maatskappye wat landwyd funksioneer mag net deur die hoofbestuur om donasies genader te word. Geen versoeke behoort op plaaslike vlak aan sulke organisasies gedoen te word sonder die instemming van die hoofdagbestuur nie.
- Kommando's, streke, oorde en gebiede mag net plaaslike instansies om skenkings nader.

Skenkings deur *Die Voortrekkers*
Enige bestuursliggaam kan op eie beweging 'n skenking aan enige instansie maak ter bevordering van die doelstellings van *Die Voortrekkers*.

ROU

- 'n Mosie van rou word in dieselfde lig as eerbetoon aan vlae of eerbetoon tydens kranslegging gesien. Daar word nie 'n gebedshouding ingeneem nie. Eerbetoon geskied in formele Voortrekkerdrag.
- Roubetoon aan afgestorwe beskermhere, oud-lede of lede kan geskied deur die Voortrekkervlag by die eerste toepaslike geleentheid vanaf vlaghysing tot vlagstryking halfmas te voer en 'n kort huldeblyk kan gelewer word deur die bevelvoerende offisier of 'n persoon deur hom daartoe aangewys.

KOMMANDOVERLOF

- 'n Gebiedsdagbestuur kan dienserkenning vir kommandoverlof op meriete oorweeg op voorwaarde dat die aansoek ontvang word voordat sodanige verlof 'n aanvang neem.
- Kommandoverlof is nie in die geval van *penkoppe, drawwertjies en verkenners* moontlik nie, behalwe in die geval van langdurige siekte.
- Verlof vir *ander lede* kan net oorweeg word nadat die lid minstens vyf jaar ononderbroke getroue diens gelewer het.
- Die verloftydperk moet normaalweg nie een jaar oorskry nie.
- Dienserkenning vind eers plaas nadat die lid een jaar getroue diens gelewer het na verstryking van die verloftydperk.

ONTNEMING VAN TOEKENNINGS

Geen toekenning wat aan 'n Voortrekker oorhandig is kan hom op 'n later stadium ontneem word nie behalwe indien die toekenning nie op 'n *bona fide*-wyse verwerf is nie.

SALUUT

- ‘n Voortrekker salueer slegs wanneer hy in Voortrekkerdrag gekleed is.
- Wanneer 'n Voortrekker salueer doen hy dit flink en op die voorgeskrewe manier.
- Voortrekkers salueer slegs die vlae en tydens die aflegging van beloftes.
- Voortrekkers gebruik nie die saluut as 'n vorm van groet nie.

DIE NASIONALE LIEDERE

- Wanneer 'n nasionale lied van die RSA tydens 'n Voortrekker byeenkoms gesing of gespeel word, word soos volg opgetree:
- Die offisier met die hoogste rang wat teenwoordig is neem die saluut. 'n Offisier met 'n laer rang of 'n besoeker kan ook die saluut neem, maar met die toestemming van die offisier met die hoogste rang.
- Die saluutoffisier bly op saluut solank die betrokke lied gesing of gespeel word en hy sing nie saam nie.
- Die ander offisiere en lede van *Die Voortrekkers* bly op aandag. Indien daar gesing word, sing hulle saam.
- Wanneer 'n nasionale lied oor die radio of televisie of as deel van 'n item tydens 'n konsert of funksie gespeel, gesing of voorgedra word, bly almal sit en word daar nie gesalueer nie.
- Wanneer die nasionale lied van enige ander land as eerbewys gespeel word, staan Voortrekkers op aandag vir solank die betrokke lied gespeel word.

VLAGKODE

- Die vlagkode is gebaseer op die *Voorskrifte vir die vertoon van die Nasionale vlag van die Republiek* gepubliseer deur die kantoor van die President asook op hoofbestuursbesluite in die verband.
- Die formele gebruik van die nasionale en die Voortrekkkervlag vir *Die Voortrekkers* is in Reglemente, wat met Seremonies handel uiteengesit.
- Voortrekkerinstansies kan ook by geleentheid ander vlae addisioneel gebruik, byvoorbeeld historiese vlae uit die staatkundige geskiedenis van Suid-Afrika. In sulke gevalle geld:
    - Die voorskrifte ivm. die voorrang van die nasionale vlag moet eerbiedig word.
    - Die voorskrifte van die Reglemente moet gehandhaaf word.

BELOFTES

- Alle Voortrekkers dra Voortrekkerdrag wanneer beloftes tydens inlywingseremonies afgelê word. Almal teenwoordig (ook die persone wat nie in Voortrekkerdrag is nie), kom op aandag en bly op aandag tydens die aflegging van 'n belofte.
- Een offisier, gewoonlik die offisier met die hoogste rang wat teenwoordig is, neem die saluut tydens die aflegging van die belofte. Wanneer iemand anders as die offisier met die hoogste rang die saluut neem, moet die toestemming van die persoon hoogste in rang vooraf verkry word.

BEGRAFNISSE

Daar moet gepaste reëlings vir eerbetoon tydens 'n begrafnis getref word.

GEDRAG WAT IN STRYD IS MET DIE GEDRAGSKODE

- Enige gedrag van 'n Voortrekker of 'n ander volwassene wat by *Die Voortrekkers* betrokke is wat in stryd is met die grondwet, reglemente of gedragskode, is totaal onaanvaarbaar en daar sal sonder aansien van die persoon opgetree word teen enigeen wat hom daaraan skuldig maak in ooreenstemming met die betrokke reglement.
- Elke leier of ander volwassene wat by *Die Voortrekkers* betrokke is, moet die volgende onderneming gee:

  Ek aanvaar dat ek in die uitvoering van my Voortrekkerverpligtinge gestuit kan word, indien daar na die redelike oordeel van die betrokke bestuur ondersoek ingestel moet word na my optrede indien dit daarop sou dui dat dit in stryd is met die Grondwet, reglemente of Gedragskode van Die Voortrekkers.

- Die bestuursliggaam wat so 'n stuiting uitvoer, moet die aangeleentheid binne 10 dae aan die betrokke gebiedsdagbestuur rapporteer wat dan die saak sal ondersoek en na bevinding van sake verdere stappe neem of die stuiting ophef.

Vir die Beginner Volwasse Lid van Die Voortrekkers

BESIN EER JY BEGIN

Hierdie hoofstuk is spesiaal geskryf om jou, die nuwe volwasse lid, te laat tuis voel by ons eie Afrikanerjeugbeweging naamlik *Die Voortrekkers.*

Ons hoop dat jy baie opgewonde voel oor jou nuwe span as jy ‘n spanoffisier gaan wees. Ons weet almal dat kinders nogal 'n handvol kan wees. Hulle is woelig. Kom ons wend hulle energie positief aan. Dit gaan baie lekker wees as jy die leerplan interessant aanbied en nie skoolhou nie. Spandeer tyd om goed voor te berei. Dan gaan jou span en jy die tyd saam geniet. As jy as staatmaker, heemraadslid of jeugvriend betrokke gaan wees gaan daar ook ruim geleentheid wees om aktief by die jeug betrokke te raak.

Gebruik hierdie nuttige gedeelte, lees dit deur en pas alles toe sodat 'n nuwe wêreld vir jou sal oopgaan. 'n Wonderlike leefwyse met maatskap, selfverryking en die onvoorwaardelike liefde van kinders is jou beloning. Bring jou gesin saam, maak nie saak hoe oud hulle is nie, want daar is plek vir alle Afrikaners.

Kom beleef die oopmaak en ontvouing van 'n eens geslote en teruggetrokke kind.

Kom deel in die geleentheid, waar 'n kind, soms jou eie, sy hart vir die Here gee. Die grootste vreugde wat 'n mens ervaar.

Kom deel in die vreugde van Afrikanerskap, jy is deel van hierdie volk.

Jy is spesiaal want God het jou gekies om spesiaal te wees.

Hy het jou uitgesoek om te kan opoffer, maar ook die vrug te kan pluk.

Die Here vertrou ons met sy mooiste skepping - Sy kinders.

Wat 'n voorreg !

Maak te alle tye gebruik daarvan.

Hou moed en maak seker dat jy so gou moontlik opgelei word as ‘n Volwasse Lid van Die Voortrekkers – doen navraag by jou kommando; jou oord of selfs jou gebiedskantoor.

Hou Koers !

WAT VRA DIE AFRIKANERKIND?

- Om die Here te aanbid sonder dat iemand jou dit belet.
- Om groot te word en te leer tussen mense wat Afrikaans praat en Christelik lewe.
- Om saam met jou ouers besluite oor jou lewe te kan neem.
- Om in 'n land te woon waar jy veilig voel.
- Om deur harde werk en pligsgetrouheid leiding te kan neem.
- Om self te besluit wie jou maats is.
- Om beskerm te word teen invloede wat jy nog self nie kan hanteer nie.

WAT VERWAG DIE JEUGLID VAN JOU AS VOLWASSE LEIER?

- Jy moet te alle tye op dieselfde vlak as die kind beweeg, sonder om enige dissipline in te boet. Jeuglede smag na regverdige dissipline.
- Hul soek vertrouelinge wat in hulle menswaardigheid glo.
- Hul soek 'n persoon wat in hulle leefwêreld tuis voel, maar steeds hul meerdere kan bly. (Dus iemand wat empatie en simpatie het, 'n persoon wat luister na hulle behoeftes, maar dit volwasse hanteer.)
- Jy moet kan saam doen. As daar 'n spaninlywing gereël word, moet jy as offisier dieselfde as hulle doen. As hulle buite moet slaap, moet die offisier ook buite slaap. Moet dus nooit iets aanpak waarvoor jy self nie kans sien nie.
- Alle reëls wat vir jou span geld, is ook op jou van toepassing, byvoorbeeld soos stiptelikheid of geen afwesigheid sonder verskoning nie.
- Jy moet die aktiwiteite interessant en aktueel aanbied.
- Daar moet ten minste een keer per jaar 'n spankamp en/of uitstappies wees. Laat alle spanlede deel in die besluitneming oor uitstappies en kampe.
- Die grootste vreugde vir 'n span is 'n lekker verrassingsuitstappie. Laat die ouers daarvan kennis neem.
- Maak gebruik van die beskikbare lektuur, maar moet nooit boekgebonde bly nie**.**
- Spel is vir alle portuurgroepe baie belangrik.
- Betrek elke kind in jou span.
- Gee elke kind die geleentheid om leiding te neem.
- Wees altyd eerlik en leef self die Voortrekkerkode met waardigheid uit.
- Kom met jou span ooreen wat hulle verder van jou kan verwag.

WAT VERWAG DIE VOORTREKKERS VAN JOU AS VOLWASSE LID?

- Wees getrou aan jou span en die Voortrekkerkommando
- Wees altyd entoesiasties.
- Berei altyd goed voor vir jou aktiwiteite. [Sien die Spansaam Handleiding vir Offisiere]
- Verkry die nodige literatuur. [Raadpleeg jou Veldkornet, Die Depot en/of die Webblad].
- Maak alle lede aktief betrokke deurdat jy op hoogte bly met hul belangstellingsveld en daarop konsentreer [vraelys].
- Maak 'n studie van die kind se portuurgroep, sodat jy sy behoeftes en optredes kan verstaan.
- Maak kennis met die kind se ouers en betrek hulle met die jaarprogram, uitstappies en kampe.
- Bied alle aktiwiteite aktueel en interessant aan.
- Alle aktiwiteite moet in die doelstellings van die Voortrekkers verantwoord word. [Sien literatuur].
- Betrek die hele menswees van die kind, dus sy hart, hand en verstand.
- Woon al die vergaderings en aktiwiteite van die kommando by soos van jou verwag word.
- Leef die gedragskode van 'n volwasse lid uit – ons het al hierna verwys.
- Woon alle opleidingskursusse en werkwinkels by. Dit is tot jou eie voordeel.
- Vra hulp as jy nie weet wat om te doen nie. ‘n Onnosel vraag is makliker om te antwoord as wat dit is om ‘n onnosel fout op te los (Chinese spreekwoord). [Kommandoleier , veldkornet of opleidingsoffisier.]
- Maak gebruik van kenners om spesiale onderskeidingskentekens aan te bied en te toets. Hulle help graag [Jeugvriende en Heemraadslede].
- Indien jy 'n negatiewe ervaring beleef, vermy dat dit jou gesinslede beïnvloed.
- Moet nooit probleme in die openbaar bespreek nie. Dit stel *Die Voortrekkers* in 'n swak lig.
- Behandel elke kind regverdig en met liefde en respek. Ons skree nie op kinders nie!
- Bepaal jou by die vereiste standaard van spanwerk vir jou span. Moenie die volgende jare se aktiwiteite wil vooruitloop nie.
- Belangrike inligting word vervat in die hoofbestuurs- en gebieds-omsendbriewe. Sorg dat jy dit gereeld kry en op hoogte bly met die inligting.
- Ken die kommando se dagbestuur en weet wat hulle funksies behels, dan sal jy weet waar om by die regte persoon om hulp aan te klop. [Jou gebied se Standaard prosedures].
- Hou alle registers, vorms en kwitansieboeke altyd noukeurig op datum.
- Gaan dikwels met jou span op kampe en uitstappies.
- Moedig jou spanlede en hulle ouers aan om ledegelde tydig te betaal.
- Moedig jou spanlede aan om hulle Voortrekkerdrag gereeld aan te trek. Onthou om dit self ook aan te trek.
- Geniet Voortrekkers voluit en maak dit 'n heerlike leefwyse, met maatskap en vriende wat jy nêrens weer sal kry nie.
- Vra jou kommando wat hulle nog verder van jou verwag.

DIE SPANSTELSEL

- Die spanstelsel is die basis vir georganiseerde Voortrekkerwerk en kry gestalte deur die leiding van die spanoffisier en die aktivering van die span.
- In die span leer die Voortrekker om onder sy maats leiding te aanvaar en leiding te gee.
- Hier kan hy/sy hom/haar saam met sy portuur- en belangegroep uitleef.
- Elke fase van die psigologiese ontwikkeling van die kind kan hier tot sy reg en volle ontplooiing kom.Hier is die plek vir aktiwiteite, diens en prestasie, en leer hy om te waardeer en waardeer te word.
- Dit is die plek vir georganiseerde spel en avontuur.
- Die spanstelsel vorm die grondslag vir die samewerking en eenheid sonder die prysgawe van eie persoonlikheid.

HOEKOM HET ELKE SPAN 'N SPANOFFISIER?

- Die spanoffisier se optrede bepaal die sukses of mislukking van sy span.
- Hy besiel sy span, bou karakter en lei hulle tot idealisme.
- Hy is roepingsbewus en weet dat daar geen groter volksdiens is as die besteding van tyd, energie en middele aan die jeug van die Afrikanervolk nie.
- Hy het 'n ontwrikbare geloof in die Drie-enige God.
- Hy het geloof in en liefde vir die jeug van sy volk.
- Hy bevorder volkstrots en volkstrou onbeskaamd.
- Hy bou doelbewus aan nasietrots, nasie-eer en nasietrou (patriotisme).
- Hy is pligsgetrou, het ondernemingsgees en is selfgedissiplineerd.
- Hy bevorder vaderlandsliefde (patriotisme), liefde vir die kultuurbodem, die grond en omgewing .
- Elk span het ook ‘n Heemraadslid nodig; en al sien jy nie kans om as spanoffisier vir ‘n span op te tree nie; *Die Voortrekkers* het jou nodig as volwasse lid. Vra gerus uit oor jou betrokkenheid as Staatmaker, Heemraadslid of Jeugvriend.

ENTOESIASME

- Jy kan alles doen as jy die nodige entoesiasme het. Entoesiasme is die gis wat jou verwagtings laat styg tot by die sterre.
- Entoesiasme is die vonkeling in jou oog, dit is die veerkrag van jou voetstap, die greep van jou hand, die onweerstaanbare aandrywing agter jou wilskrag en energie om jou idees ten uitvoer te bring.
- Entoesiaste is vegters, hulle hou moed, hulle het uithouvermoë.
- Entoesiasme is die grondslag van vooruitgang.
- Met entoesiasme is vervulling moontlik!

SPANUITSTAPPIES

- Spanuitstappies is een van die belangrikste aktiwiteite op die jaarprogram. Dit moet nooit oor die hoof gesien word nie en moet verkieslik een keer per kwartaal plaasvind.
- Die uitstappies moet kindgerig, interessant en aktueel wees.
- Dit kan soms 'n verrasing wees, anders moet al die lede van die span by die beplanning betrek wees.
- Ouers moet te alle tye 'n toestemmingsbrief teken as die spanaktiwiteit elders plaasvind.
- Die uitstappies moet ouderdomsgerig wees en die duur daarvan moet daarby aanpas.
- Indien jy sukkel om samehorigheid en dissipline by jou span in te skerp, laat hulle saam swaar kry. Bespreek dit egter eers met die ouers.
- Wees altyd self opgewonde en beleef dit saam met die kinders. Dit is 'n voorreg, nie 'n las nie!
- Maak gebruik van ander mense en instansies om te help byvoorbeeld beskermingsdienste, hospitale, museums, natuurreservate en mense in die privaatsektor. Hulle is gewoonlik gewillig om te help.

DIE HOU KOERS LIED

As die lente oor die velde
in 'n asem groen ontwaak,
leer en speel ons in ons eie,
word die toekoms oopgemaak.
Om die kampvuur;in die stiltes,
sweef ons drome in die wind,
strek ons uit na horisonne
sal die hoop ons saam verbind.

Refrein:
Hou Koers! Hou Koers !
Deel die liefde vir ons land.
Hou Koers ! Hou Koers !
Pluk die toekoms, vat my hand.

As die son se môreklanke
saggies in my oor kom lê,
kies my voete wandelpaaie,
weet ek wat my siel wil hê.
Oor die vlaktes, deur die ruimtes,
lê my spore ankervas,
volg ek bly my volk se roetes
met geloof se klein kompas.

As die somer in sy glorie
my op tenger halms rig,
reik my hand in diepe ootmoed
na die sekel van my plig.
Erf my kennis,leef my vreugde,
volg die sterre in hul baan,
voel die polsslag van die lewe,
loof die Bron van ons bestaan.

LYS VAN BELANGRIKE LITERATUUR EN VORMS WAT JY MOET BESIT SODAT JY OPTIMAAL AS SPANOFFISIER KAN FUNKSIONEER

1. Die spanregister.
2. Die kommandojaarprogram .
3. Jou spanjaarprogram.
4. Naam- en adreslys van jou spanlede en hulle ouers.
5. Werksboeke en offisierhandleiding vir die betrokke jaargroep.
6. Spesiale Onderskeidingskenteken handleiding.
7. Spanjoernaal waarin alle aktiwiteite met foto's in aangeteken en aangebring word.
8. Taakindeling van offisiere met betrekking tot kommando-aktiwiteite soos inlywings- en afsluitingsfunksies en kommandoreëls.
9. Sangbundels
10. Speletjiesboek.
11. Die Depot se nuutste pryslys. Alle literatuur, vorms, Voortrekkerdrag en geskenke word daarin gelys.
12. Baie belangrik, as die kommando bogenoemde nie aan jou verskaf nie moet jy verneem waar jy dit kan bekom. 'n Ervare offisier in jou kommando kan jou help met die opstel van jou spanjaarprogram.
13. Die volgende word volledig in *die Spansaam handleiding vir volwasse lede* uiteengesit. Dit is baie belangrik dat jy dit vooraf deeglik deurgaan en alle onduidelikhede uitklaar met ervare offisiere voordat jy 'n span neem.
    13.1 Spangees
    13.2 Spankampe
    13.3 Spankontrak
    13.4 Spanadministrasie

KIND VAN AFRIKANER

Kind van Afrikaner-ouers
Waarom sit jy met jou kop tussen jou skouers ?
Is daar vir jou geen gronde vir trots?
Miskien is jy onbewus van die Ewige rots ?

Staan nader, kind van my volk
Die Voortrekkers trek weg jou donker wolk
Sluit aan - ons wil jou hê,sodat jy in volksvergaderings jou sê kan sê

Trots op jou nuwe uniformdrag.
In jou oë blink iets van die jeug se prag.
Staan regop penkop en kyk na Bo.
So groei jou menswees - dit kan jy glo.

As verkenner maak jy jou merk
Die Vories het reeds met jou hart gewerk.
Jou kop is fier omhoog
Jou blik is sonder boog.

Jongmens - staatmaker, altyd met vra vol
Terwyl jy gevorm word, sterk vir jou rol -
As Afrikanerleier van die toekoms
Groei jy tot gereedheid vir die nuwe son se koms.

Offisier - grootmens met 'n hart van goud
Al stap die jare aan, jou gees word nooit oud.
Groei steeds in jou diens aan ons kind,
Mense soos jy ,is selde te vind.

<u>Van klein plantjie tot groot boom gegroei</u>
<u>Niemand sal ooit ons volk kan uitroei.</u>

Offisier baie baie dankie vir jou onbaatsugtige opofferings aan ons jeug.

Simon Coetzee

WENNERS:

- Werk met Afrikanerkinders.
- Neem deel aan aktuele en moderne aktiwiteite.
- Bevorder kreatiwiteit.Sluit waardevolle vriendskapsbande.
- Beweeg tussen hulle eie kultuurgroep.
- Word verryk deur die aanbied en kennismaking met velerlei onderwerpe.
- Beweeg uit in die natuur.
- Lewer diens aan die samelewing.
- Word opgelei in 'n groot verskeidenheid aktuele onderwerpe, soos bestuur, leierskapstegnieke, spanhantering, kommunikasietegnieke en vele meer.
- Verkry waardevolle ondervinding in die hantering van mense [kinders en volwassenes].
- Beleef die voorreg om as Afrikaner ons kinders af te rond en op te lei vir die volwasse lewe.
- Kan saam met baie ander Christene hul christenskap volkome en vryelik uitleef.
- Kom tot die besef dat daar steeds deur ons breinkrag en mense-materiaal 'n beduidende rol te speel is, en ook plek vir ons is, in ons land Suid-Afrika.
- Maak 'n verskil !!!

LITERATUUR

DIE VOORTREKKERS, Penkop/Drawwertjie-lewe
DIE VOORTREKKERS, Verkennerlewe
DIE VOORTREKKERS, Handleiding vir Offisiere
FAK Die Nasionale vlag en volkslied van die Republiek van Suid-Afrika, Johannesburg, 1979
PAMA, C Vlae van Suid-Afrika in Kennis 12,2393-95
PEDERSEN, DV (& BEDELLS J) The International Flag book in Colour. Londen, Blandford, 1971